Pectora roborant cultus recti

# Die Matie

TWEEWEEKLIKSE STELLENBOSSE STUDENTEKOERANT

UITGEGEE ONDER BESKERMING VAN DIE SR

Jaargang XXXIX Nr. 2

DONDERDAG, 3 MAART 1983

CARNEGIE-BIBLIOTEEK
UNIVERSITEIT VAN STELLENBOSCH
25 MAR 1983
CARNEGIE LIBRARY
UNIVERSITY OF STELLENBOSCH

## SP-MOSIE VRA

# Ondersoek beperkinge op Maties

DIE Studenteparlement het verlede week die universiteitsowerhede versoek om in oorleg met die Regering en die SP die beperkende maatreëls waarvan gekleurde studente op die kampus onderworpe is, te ondersoek.

Die voorsteller van die mosie, mnr. Panayiotis Stais, het daarop klem gelê dat daar nie 'n beginselstandpunt in die mosie ingeneem word nie. Daar word net vir 'n ondersoek na die probleem gevra. Die koshuise het, deur die SP-lede te verkies, aan hulle 'n mandaad gegee om in so 'n geval namens hulle op te tree.

Hy het gesê dat die studente die nuwe geslag is wat hulle sal moet tuismaak in die nuwe politieke bedeling. Vyf jaar gelede kon bruinmense nog nie in provinsiale sportspanne speel nie "terwyl hulle vandag saam met ons in die klas sit, en oor vyf jaar saam in die Kabinet sal wees."

### Wat mag

Mnr. Nic Myburgh, sekondant van die mosie en voorsitter van die NP-studentetakke op Stellenbosch, het gesê die kern van die probleem lê by danse en die oopstelling van koshuise. Verder ondervind die privaatwyke waar die bruin studente ingedeel is, Libertas en Aristea, probleme omdat hulle nie ten volle ingelig is van wat hulle mag en wat hulle nie mag doen nie.

Hy het gesê dat 'n topamptenaar van die Universiteit met die oriëntering van die eerstejaars in Aristea daarteen beswaar gemaak het dat die bruin eerstejaars die koshuis se T-hemde gedra het.

Die meeste wit studente wat vir kommentaar genader is, het gevoel dat so 'n ondersoek baie nodig is. Daar was ook die wat gevoel het dat die blote aanvra van die ondersoek op nuwe "liberalistiese tendense dui, wat totaal onaanvaarbaar is."

Mnr. Piet Bosch, wat SR-lid vir Tygerberg in die afgelope SR-termyn was, het gesê die posisie van die bruin studente op die kampus het min verbeter sedert die eerstes van hulle in sy eerste jaar, ses jaar gelede, toegelaat is. Hulle status op die kampus is nog steeds in onsekerheid gehul.

### Weerhou

Die bruin studente het almal gesê dat, as die ondersoek sal lei tot die opheffing van alle beperkinge, dit die moeite werd is en verwelkom word. "Miskien is dit 'foolish pride', maar as 'n mens se teenwoordigheid in enige situasie of in enige organisasie 'n verleentheid is, weerhou ons ons liewer daarvan."

Baie voel dat die mosie 'n "napratery van die Nasionale Party" is. "Die akkomodasie van bruin studente is maar net op ekonomiese oorwegings gebaseer. Dit hang saam met die groter aanvraag vir geskoolde arbeid in die ekonomie," het een van hulle gesê.

Mnr. Stais voel die pogings op Stellenbosch kring juis wyer uit en word in die landspolitiek opgeneem.

Die Rektor, prof. Mike de Vries, het gesê dat, volgens die beleid van die Universiteitsraad, die bruin studente Maties in die volle sin van die woord is.

### Permit

Die probleme wat die bruin Maties as die grootste sien, is dat hulle steeds 'n ministriële permit nodig het om hier te kan studeer, en dat hulle nie in koshuise kan bly nie. Die gevolg van laasgenoemde is dat dit hulle baie tyd en geld kos om daagliks na Stellenbosch trein te ry.

Prof. De Vries het gesê dat die versoek dat die beperkinge ondersoek moet word voor die Staande komitee van die Universiteitsraad en -senaat sal dien. Dit is moontlik dat die komitee in die eerste semester en dalk reeds in die eerste kwartaal sal sit. Die voorsitter en ondervoorsitter van die Studenteraad het ook op die die komitee sitting.

**"'n Bruin student is 'n klasmaat wat langs my in die bank sit, skryf saam met my eksamen en gaan saam met my in een kantoor sit. Hy neem saam met my sport deel en is tydens SAU my kamermaat.**

**"Hy eet saam met my in die Neelsie en kan 'n bier of wyn saam met my geniet. Maar hy mag nie die Neelsie se grondvlak verlaat en 'n sokkie in die Gat bywoon nie.**

**"Ek dink dit is 'n uiters inkonsekwente benadering!"**



MNR. STAIS



JOHNNY REVOLTING alias Hendrik Loots van Wilgenhof kappityt op hulle en Heemstede se vlot *Grease*. Intussen hou Glaudine Mass die wêreld om haar dop. Nog Karnavalfoto's verskyn op pp. 5 en 20.

# Cloetesville praat oor USKOR-hulp

CLOETESVILLE is een van die gemeenskappe wat deur USKOR, die Klinieke Organisasie van die Universiteit Stellenbosch, gehelp word.

USKOR is bekend vir hul mediese dienste aan die 'Kleurling'-gemeenskap, maar hulle is ook op ander gebiede aktief. In Cloetesville spits USKOR hulself op gemeenskapsdiens toe.

USKOR bied tans voltyds die dienste van 'n gemeenskapswerker, sowel as ontspanningsfasiliteite, dans- en dramaklasse, vroue- en sportverenigings aan. Vanuit USKOR se oogpunt is hierdie program baie suksesvol.

Van die ouers wat deur *Die Matie* vir kommentaar genader is, het gesê dat hulle geen benul het van USKOR se doelstellings en aktiwiteite nie. Hulle is egter bly as dit hulle kinders van die strate afhou. Een van hulle gesê het tog gesê: "Dit is 'n riem onder die hart om te sien watter opofferings die studente kan maak".

Andere het wel probleme gehad met USKOR se doelstellings. So het van die sportklubs gevoel dat hulle aktiwiteite beperk word vanweë hulle betrokkenheid by USKOR. Boksers van die boksklub, wat onafhanklik deur inwoners van Cloetesville gestig is en wat slegs die Sendingkerk se Sentrum se fasiliteite gebruik, is ongelukkig omdat hulle weens hul assosiasie met USKOR nie met SACOS kan affilieer nie. Om hierdie rede verloor hulle die kompetisie. Die tafeltennisklub het ook met die probleem gesit, en het daarom besluit om hul bande met USKOR te breek.

Daar was ook ander besware teen USKOR se bedrywighede in Cloetesville. 'n Paar mense het gevoel dat USKOR basies 'n paternalistiese organisasie wat deel is van 'n onaanvaarbare politieke stelsel. USKOR kan nie veel uitrig nie, omdat die armoede wat hulle wil bestry deur die stelsel self veroorsaak is.

Hulle voel dat USKOR "maar net aalmoesies uitdeel aan die arme bruin mensies. Ons soek na mense wat nie vir nie maar saam met die gemeenskap werk."

Verreweg die meeste van die mense wat genader is, hy nog nooit van USKOR of sy aktiwiteite gehoor nie.

Hul reaksie, na verduideliking van USKOR se werksaamhede, was dat sulke werk miskien nodig is.

Congratulations

TRUST = KEM

to the Winner

## *Smeerpamflet:*

# Is jy bereid om te moor vir bevryding?

KAAPSTAD — Duisende vals pamflette met 'n sterk militante inslag is landswyd op al vyf Engelse en twee Afrikaanse universiteite versprei in 'n effektief-gekoördineerde veldtog.

Die pamflet, getiteld *Campus News* met 'n sub-titel "Distributed to all Nusas-affiliated campusses free of charge", is ingeklee met revolusionêre taal en weerspreek Nusas se verklaarde beleid teen geweld as middel tot verandering. Studente word gevra om by Umkhonto we Sizwe, die verbode ANC se militante faksie, aan te sluit.

"Is jy bereid om vir die bevrydingstryd te sterf? Of eerder: Is jy bereid om vir die bevrydingstryd dood te maak?" word in die pamflet gevra.

Eksemplare is op die kampusse van die Universiteit van Stellenbosch, Kaapstad, die Witwatersrand, Durban, Pietermaritzburg, Rhodes en Port Elizabeth tussen middernag en sesuur die Dinsdagoggend versprei.

'n Verklaring uitgereik deur me. Kate Phillip, President van Nusas, sê dat Nusas hom distansieer van die "hoogs opruiende pamflet. Ons verwerp die inhoud van die gevaarlike pamflet, wat 'n doelbewuste poging is om ons organisasie se naam te beklad."

Me. Phillip het in 'n onderhoud met *Die Matie* gesê dat die inhoud van die geskrif op hoogveraad dui.

Daar word vermoed dat regse groepe op die kampusse die inisiatief geneem het. "Dit sal net die regses pas as Nusas aansien verloor."

Die vraag moet gevra word wátter groep oor die hulpmiddels beskik om hierdie pamflette op so groot skaal en met so 'n militêre presiesheid te versprei, het sy gesê.



ME. KATE PHILLIP

Die enigste logiese konklusie wat volgens die skrywers van die pamflet uit die huidige situasie getrek kan word, is dat dit noodsaaklik is om aktief deel te neem aan die aktiwiteite van Umkhonto we Sizwe. "Dit het tyd geword dat Nusas moet wegbeweeg van hul strategie ten spyte van die risiko's daaraan verbonde."

Die skrywers hoop word uitgespreek dat die meeste studente genoegsame politieke bewustheid het om te verstaan dat "P.W. Botha en sy oorlogsmasjien, die SAW, doodmaker van vroue en kinders in Maseru, Matola en ander plekke, sowel as Treurnicht en Jaap Marais, 'n logiese voortsetting is van mense soos Verwoerd en Vorster."

In een van die artikels in die pamflet word studente gewaarsku dat "kameraad" Tambo nie soveel geduld soos "kameraad Mugabe", teenoor mense soos Ian Smith gaan hê nie.

Die administrasie van die Universiteit van Kaapstad het 'n verklaring uitgereik waarin gesê word dat "ons die nodige vertroue in Nusas het om te aanvaar dat hulle niks met hierdie pamflet te doen het nie."

Prof. Mike de Vries het gesê dat die verspreiding van sulke "lae snert" nie op 'n kampus pas nie, veral as dit boonop in die nag gedoen word. As enige van ons studente betrokke is by hierdie saak sal streng teen hulle opgetree word."

Die rektor van die Universiteit van Natal, professor P. Booysen het in 'n verklaring die volgende gesê: "Nadat die publikasie van *Campus News* onder my aandag gebring is, het gesprekke met studenteleiers aan die Universiteit van Natal my van twee sake oortuig.

"Geen student wat geïnteresseerd is in Nusassake het enigiets te doen met die produksie en verspreiding van die pamflet nie, nóg was hulle bewus van die bestaan daarvan voor dit versprei is.

"Die suggestie wat in hierdie publikasie verskyn, sou min ondersteuning van die meerderheid van studente kry. Dit is duidelik dat hierdie anonieme dokument bedoel is om deur suggestie van opstokery Nusas skade aan te doen. Dit moet as sodanig beskou word en verwerp word as algemene studentemening."

Die saak is na die polisie verwys. 'n Woordvoerder van die polisie het gesê hulle weet van die pamflette en die saak geniet hul aandag.




SO lyk die pamflette wat verlede week geheimsinnig landswyd versprei is. Daar is nog nie vasgestel wie dit opgestel het nie.

# *Wind waai alles wat dryf weg*

PORT-ELIZABETH — 'n Kommissie van ondersoek na die "alles-wat-dryf-kompetisie" van die Universiteit van Port Elizabeth is aangestel nadat die pret in 'n fiasko geëindig het.

Teenstrydige berigte lui dat tussen 250 en 400 studente Saterdag, 19 Februarie gered moes word, nadat 'n sterk wind die vlotte die oop see ingewaai het.

Die vlotte was meestal tydelik konstruksies van planke en konkas, en het geen vorm van aandrywing gehad nie. Enkeles het seile gehad, wat gehelp het dat die vlotte vinniger die oop see ingewaai is.

Saterdagoggend, omstreeks 10h00, het ongeveer 400 studente op 36 vlotte by Humewoodstrand weggespring om na Koningstrand te vaar. Min vaarders het uiteindelik by Koningstrand uitgekom.

Nadat die meeste vlotte etlike kilometer die see ingewaai is, is besef dat hulle nie op eie stoom sou kon terugkeer nie.

Twee bote van die NSRI, bote van die Vloot, 'n veerboot, 'n sleepbooat en verskeie private skibote het begin om die studente op te pik en na veiligheid te bring. Die hele reddingspoging het sowat vier uur geduur.

Van die studente was atlete wat die aand aan die Petrus Minderton-gedenkbyeenkoms moes deelneem. Meer as twintig van die 59 atlete van die UPE wat aan die byeenkoms sou deelneem, het hulle weens uitputting aan die byeenkoms onttrek.

Professor S.J. Schoeman, rekktor van UPE het die kommissie aangestel.

Ses studente, wat die SR-voorsitter, mnr. Lenford Maritz en die Joolvoorsitter, mnr. Nico Maritz insluit, asook vier dosente sal op die komitee dien.

Alle aspekte van die kompetisie sal ondersoek word, wat die wegspringbevel en bewarings van dronkenskap insluit.

### Rag Vibes

"RAG-VIBES" beloof nogtans 'n groot sukes te wees, volgens mnr. Nico Maritz, UPE-Joolvoorsitter.

Die Karnavalprogram is van stapel laat loop met die jaarlikse "Stunts". By hierdie geleentheid het studente die stad binne gevaar. 'n Rekordbedrag van R4 000,00 is vanjaar sò ingesamel, teenoor die R1 700,00 van verlede jaar.

Die kroning van Mej. UPE het verlede Saterdag plaasgevind. Op 'n luisterryke geleentheid is mej. Debby Lewis as koningin gekroon, met Petra Retief en Cornie Wilken as haar prinsesse.

Joollimpiade is verlede Vrydág gehou. Dit is gegrond op speletjies van die gewilde TV-program, Suikerkaskenades. Na afloop hiervan het die Disco Marathon kompetisie begin.

# Ikeys-karnaval mik hoog vir SHAWCO in 1983

DIE Universiteit van Kaapstad het die grootste karnavalomset van al die universiteite. Die karnavalprogram het op 14 Februarie begin en duur tot 6 Mei, wanneer dit met die Debutantebal afsluit. Verlede jaar is 'n bedrag van R250 ingesamel en vanjaar se mikpunt is R280 000.




Hierdie geld gaan aangewend word vir die finansiering van SHAWCO (Students Health & Welfare Centres Organisation), die eweknie van ons eie USKOR.

Bierfeeste, 'n pretdraf en dinees word gereël, sodat entoesiasme hoog kan bly. 'n Hoogtepunt tydens dié week is 'n "Court of Injustice" waar verskeie openbare figure verhoor sal word en as straf 'n boete moet betaal. Vanjaar se aangeklaagdes is Di Bishop, Ajatollah Khomeini, Mike Hoare, Odele Searly en Sylvia Kristel.

Die wennersprys vir die Debutante van die Jaar is 'n Mini. As reklame is welbekendes, soos mev. Barbara Barnard, vrou van prof. Chris Barnard en mnr. Raymond Ackerman, besturende direkteur van Pick 'n Pay ontvoer en in 'n konvooi Mini's vergesel na 'n openingsaand van "Raffles", 'n bekende Kaapse diskoteek.

St. Valentine's Day, 14 Februarie, het die debutantes vir 'n klein bedraggie 'n doos sjokolade en 'n angelier in die Skiereiland by die gevraagde persone afgelewer.

Die hoogtepunt van die karnaval, die vlotoptog met die tema "Broadway" of "Showbusiness", vind op 12 Maart plaas.



DIE trapklimresies by UK kan soms morsig wees.

# *Science attitude receives bomb*

THE failure of science lecturers to relate their disciplines to human social values comes under attack in a leading article in the latest issue of the UCT publication *Impulse*.

The article deplores the fact that the Science Faculty "has made a miserable contribution to the rational analysis of South African society and its problems." It urges the adoption of "philosophic" rather than "financial" concerns in the study of science.

The Science Faculty is further condemned for its failure to convey to students the issues involved in the centuries-old struggle between scientists and the State.

Moral issues relating to the use of nuclear power are discussed in the article, and the writer claims that the teaching received by science students at present amounts to "disguised propoganda in favour of nuclear power."

# Kyk hoe lyk ander temas

PRETORIA — "Griekse trix" is die tema van Tukkies se Jool 1983.

Reëlings is in volle gang vir die week van 20 tot 26 Maart.

"Ritteltuks", Tukkies se joolblad, sal deur eerstejaars verkoop word.

Op die kampus is 'n joolplaas waar die vlotte gebou en die kermis gehou word.

POTCHEFSTROOM — Pukke se karnaval vind plaas op 14 tot 16 April. Die tema is "Wilde Weste op Wiele".

JOHANNESBURG — "Jag 'n laggie", RAU se jooltema, is geïnspireer deur die kindwye veldtog om wildbewaring wat in 1982 van stapel gestuur is.

## CAMBRIDGE

STUDENTE van twintig universiteite en die Militêre Akademie by Saldanha sal om 'n gesogte studiebeurs aan die Universiteit van Cambridge meeding deur hul eie begrotingsvoorstelle, gebaseer op hul kennis van die Suid-Afrikaanse ekonomie, te formuleer.

Die wenner sal 'n volle beurs ontvang om vir 'n meesters-graad in bedryfsfilosofie aan Cambridge te studeer. Verblyfkoste word deur die borge betaal.

Alleenlik derdejaar- of nagraadse studente wat in die departemente van ekonomie, bedryfsekonomie of bedryfsadministrasie by die gekose universiteite of die Akademie geregistreer is, sal vir hierdie gesogte beurs kwalifiseer.

**Was O' Maties**

Hou **Die Matie** vir verdere kennisgewing oor ons nuwe **Selfdien Muntstukwassery** dop.

Belangrike bekendmaking: Die **On The Spot Droogskoonmakers** het na Andringastraat 13 verhuis.

**ON-THE-SPOT**
**DROOGSKOONMAKERS**
**Andringastraat**
**20% AFSLAG VIR US SE MENSE**
*Probeer ons Selfdien Muntstuk-Wassery*

# Stellenbosch se verligte beeld is inkonsekwent

VERWELKOMING van bruin studente op kampus het, volgens studenteleiers in privaatwyke, vanjaar weer talle probleme opgelewer. Onvoldoende skakeling tussen Administrasie en huiskomitees; onduidelikheid onder amptenare en studente wat betref die status van die bruin student; en inkonsekwentheid in die deurvoering van Stellenbosch se verligte beeld was onder die hoofredes wat hiervoor aangevoer is.

Mnr. Carel Wolhuter, primarius van Libertas, het gesê dat sy huiskomitee nie voldoende ingelig is oor die oriëntering van bruin studente nie.

"Ons is nooit vooraf gewaarsku dat hulle by ons ingedeel gaan word nie, en niemand het ons voorberei om hulle te hanteer nie.

"Ons moes hulle toe maar inlig dat ons dit sou verkies dat hulle net die akademiese oriëntering bywoon," het hy gesê.

## Ingelig

'n Lid van die studenteparlement, mnr. Nic Myburg, het beaam dat die huiskomitee van Libertas en Aristea nie voldoende ingelig was oor hul taak om ook bruin eerstejaars te verwelkom nie.

"Vanjaar was nie die eerste keer dat probleme opduik nie, en dit gaan weer in die toekoms gebeur," het hy gesê.

Volgens 'n bron het die huiskomitee van Aristea alle bruin eerstejaars wat aangemeld het, as volwaardige Aristeane behandel.

## Insident

Hierdie volledige inskakeling is, na 'n insident by 'n sokkie in die manskoshuis Majuba, deur 'n amptenaar van Administrasie stopgesit. Bruin Aristeane is ook verbied om Aristea T-hempies, wat toe reeds aan hulle gegee is, te dra.

Die verbod op T-hempies is deur baie as verrassend bestempel, veral omdat die Rektor, prof. Mike de Vries, verlede week in *Die Burger* gesê het dat bruin Maties nog altyd toegelaat was om universiteitskleure te dra.

Prof. De Vries wou nie oor spesifieke insidente kommentaar lewer nie.

"Daar is skynbaar misverstande, en dié misverstande sal ek liefs met die betrokke privaatwyke se studenteleiers opneem" het hy gesê.

Me. Dorette Hugo, primaria van Aristea, wou ook geen kommentaar lewer nie.

'n Bruin tweedejaar, wat nie sy naam wou bekendmaak nie, het gesê dat bruin studente op Stellenbosch "vinnig leer dat hulle blote skakels is. As jy vra wat jy mag doen en wat jy nie mag doen nie, dan kom die antwoord dat jy maar moet 'inskakel' waar jy kan".

## Redes

Op die vrae of hy dus ontuis voel op Stellenbosch, en of hy voel dat bruin mense slegs vir ideologiese redes op Stellenbosch geduld word, wou die student nie antwoord nie.

"Enigiets wat ek hier sê kan my posisie by Admin. in die gedrang bring. Dit is soms beter om maar stil te bly," het hy gesê.



LYDIA hang uit in "Great-Gatsby"-styl op die vensterversieringsaand. Hulle het saam met Helderberg karnaval gehou.

# *Studente gee menings oor hoë boekpryse*

AS daar een ding is wat elke student vrees, is dit sy boekerekening aan die einde van sy eerste maand of twee op Stellenbosch. Daarom het *Die Maties* die boekhandelpryse op Stellenbosch ondersoek en ook studente se menings gevra.

Die studente is oor die algemeen ontevrede, veral omdat niemand weet wat die werklike rede vir die hoë en wisselende pryse van handboeke is nie. Natuurlik is die drukkoste van boeke hoog, maar 'n regstudent, wat in die eerste semester van sy tweede jaar R300 vir noodsaaklike handboeke moet koop, bevraagteken die winsgrens wat ter sprake is.

Die ou oplaag van H.C. Bold se "Morphology of Plants" kos byvoorbeeld R16,20, maa die nuwe ene R43,85 per boek. Net so betaal 'n student R13,00 vir F.F. Bruce se "The Acts of the Apostles" by een boekwinkel, terwyl hy R35,80 en R31,00 onderskeidelik by die ander twee boekwinkels vir dieselfde boek moet opdok.


Daarom voel studente:

— Prysbeheer moet toegepas word — Hansie Venter.

— Sommige buitensporige hoë pryse is duidelik uitbuiting van studente se verleentheidsposisie — Carina Koen.

— Onnodige voorgeskrewe boeke hou boekrekenings baie hoog — Louis Moolman.

— Ek bepleit 'n pryslys waarop die boekpryse van die verskillende handelaars teenoor mekaar gestel word — Dirk Louw.




DIS dalk goedkoper om hierdie boek te "photostat" as om dit te koop.

— Dis belaglik! Waarom koop julle boeke? "Photostat!" — Willem Steyn.

— As landboustudent kry ek meesal notas en andersins gesubsidieerde boeke. Daarom is ek heeltemal gelukkig — Mark Antony.

— Binne die vryemarkstelsel word pryse deur vraag en aanbod bepaal — André Putter.

— As ek die boek werklik gaan gebruik is ek bereid om duur daarvoor te betaal — Wimpie Nell.

As 'n diens aan die Studente-unie word 'n deeglike ondersoek oor hierdie netelige kwessie tans deur *Die Matie* geloods. 'n Verslag hieroor sal in die volgende Matie verskyn.




DIE nuus dat twee studente vir die gebruik van dagga voorgekeer is, het hoofopskrifte in koerante gehaal.

# Twee geskors weens dagga

TWEE studente is elk vir een jaar geskors nadat hulle in die Stellenbosse landdroshof weens daggabesit skuldig bevind is. Die twee is in 'n polisieklopjag in hegtenis geneem. Hulle het ook voor die Tugkomitee van die Raad verskyn en is skuldig bevind.

## Opgeskort

In die een persoon se geval is die straf opgeskort, wat beteken dat indien hy enige oortreding in die toekoms begaan en hy wel skuldig bevind word, hy geskors sal word. Hy is ook 'n boete van R200 opgelê.

In die ander geval geld die skorsing vir 1983, maar hy kan aansoek doen vir hertoelating in 1984.

NEELSIE:

# Treurnicht sê stelsel bied steeds keuse

deur **Niel de Villiers**

**DIE Neelsie se middagetes kos vanjaar 25c meer. Los porsies word nie meer verkoop nie. 'n Bord kos word nou verkoop teen 'n minimum bedrag van R1,55.**

**'n Normale Neelsie-ete bestaan uit 'n porsie vleis en drie porsies groente of styselkos. Dit word verkoop teen R1,85. Daar word 'n dertig sent goedkoper ete verskaf, wat bestaan uit vleis en twee porsies groente of styselkos, volgens keuse. Studente kan ook drie groentes neem. Etes kos Sondae R2,10 indien daar nie 'n studentekaart getoon kan word nie. Die styging in tariewe is twaalf persent.**



**Mnr. J.W.F. Treurnicht, die bestuurder, het aan *Die Matie* gesê dat die ou stelsel van porsies tot vermorsing en hoër pryse gelei het. Dit was baie moeilik om vooraf te bepaal hoeveel van elke kossoort voorberei moes word. Die nuwe stelsel bied steeds 'n keuse aan die student indien hy nie 'n volle maaltyd wil neem nie. Slaaie en nagereg word nog in porsies verkoop.**

**Ongeveer vyfhonderd studente eet op weeksdae in die Neelsie. Hulle verkies die vorige stelsel. Die vernaamste beswaar is dat ook studente nie altyd die geld het vir 'n maal van R1,55 nie. Daar is algemene tevredenheid wat betref die kos se gehalte.**

**Koffie kos vanjaar vir die derde jaar twintig sent, ten spyte van die hoër melkprys. Daar sal moontlik 'n tydelike prysverhoging kom om te vergoed vir herstel werk weens vandalisme in die toilette.**

Technics


— stelsel teen 'n prys wat niemand kan oortref nie

BESTAANDE UIT:




**Stereo-geïtegreerde Versterker**
25 Watt per kanaal, 20 20,000Hz, na 8 ohm, met nie meer as 0.04% THD nie. Maklik leesbare, 2-kleur-LED-spitskragpeilaanwyser. Aantreklike, slanklynontwerp. Twee bandmonitore met dupliseringsvermoë. Voorpaneel-drukknopluidsprekerkeuring: A of B, A + B.

**RS-M205**




**Metaal-aanpasstereo/kassetdek**
Sagvat-aandrywingsmotorkontroles met wringbystand verseker volmaakte hanteergerief met volkome betroubaarheid. MX-opneem/terugspeelkop en dubbelspleet-ferrieuitwiskop vir gebruik by metaalbande. Heropwen outomatiese speel, leisein en hersiening. Opneming/terugspeling met eenknoptydreëlaar.

**DRAAITAFEL**



**DRAAITAFELAFDELING:**
Soort — Halfoutomatiese draaitafel met band aandrywing. Motor — Serva-motor, GS. Draaitafelplaat — Aluminium, matrysgegote 30,4-cm-deursnee (12"). Draaitafelsnelhede — 33⅓ en 45 o.p.m. Snelheidsakkuraatheid-Snelheidomskakelingsmetode — Elektroniese omskakeling. Whiaau en fladdering 0.045% WRMS (JIS C5521) — ±0.06% spits (IEC 98A beswaar). GERAMMEL — 70dB DIN B (IEC 98A beswaar).

**LUIDSPREKERS**



**SPESIFIKASIES**
Soort — 2-rigting, 2-luidsprekerstelsel. Luidersprekers — Basluidspreker — 25 cm, keëltipe. Hoëtoonluidspreker — horingtipe. Impedansie — 8 ohm. Ingangsvermoë — 75 W, Musiek. 50 W, DIN. Leweringsklankdrukpeil — 98,5 db/W (1.0 m). Kruisfrekwensie — 3,200 Hz. Frekwensiebestek — 43 Hz 22 kHz (-10 dB). Afmetings — 29.8(W) x 60.9 (H) x 26.3(D) cm. Gewig — 11 kg.

**R769,00 — AVB EKSKLUSIEF**

2-JAAR WAARBORG

STELLENBOSCH MEUBELS
H/V KERK- en ANDRINGASTRAAT, STELLENBOSCH
TEL. 02231-3621/4337

# Akademie swoeg vir Smoeg

DIE Militêre Akademie het vir die derde agtereenvolgende jaar met die gesogte Smoeg-trofee weggeloop. Die Militêre Akademie en Monica het kragte saamgesnoer vir Karnaval '83 en het alles in die stryd gewerp om die Smoeg weer te wen.

Kmdt. Stan Prinsloo, die skakeloffisier vir Karnaval by Militêre Akademie, sê dat die sukses toegeskryf kan word aan die goeie samewerking tussen alle lede. Hy sê die deeglike beplanning het die deurslag gegee.

Hy sê ook dat die manne mekaar reeds uit vorige situasies, waar samewerking noodsaaklik is, ken. Dit het samewerking vir Karnaval glad laat verloop en die opdrag om die Smoeg-trofee te verower het die hoogste prioriteit geniet. Hy rig 'n woord van dank aan die oorhoofse Karnavalkomitee vir hulle samewerking, asook aan Stellenbosch in die geheel vir die wyse waarop die Militêre Akademie hier ontvang is.

Die Militêre Akademie en Monica het die Smoeg-trofee met 3 257 uit 'n moontlike 5 800 punte verower. Tweede was Hombré en Huis De Villiers met 2 374 punte. Militêre Akademie en Monica het eerste plekke behaal met hulle verkope van motorkompetisiekaartjies, akkerjolverkope, promosies en die Kermis.

Mnr. Johan Bell, Karnavalvoorsitter, sê Karnaval is die enigste geleentheid wat Akademie gebied word om mee te ding met ander koshuise op die kampus. Dit is die rede vir hulle harde werk en motivering.

Een van die onder voorsitters, mnr. Jan Schutte, sê deeglike beplanning maak deel uit van die Militêre Akademie se sukses. Hulle bestudeer die toekenning van punte, en lê klem op die gebiede wat vir hulle die meeste punte kan verdien. Hy beskou dit as die oorsaak vir die groot verskil in punte tussen Akademie se eerste, en Hombré se tweede posisie.

Mnr. Schutte sê die toekenning van punte is só bereken dat deelnemers gemotiveer word om die meeste geld in te samel.

Karnaval het ontstaan uit die idee van USKOR uit 'n behoefte van USKOR vir finansiële ondersteuning. Die geld word aangewend om professionele dienste aan hulpbehoewende gemeenskappe te voorsien.

'n Bedrag van R124 134 is in 1981 ingesamel. In 1982 het die bedrag op R201 731 te staan gekom. Mnr. Bell sê in 'n voorbegroting wat gedoen is, word daar verwag dat daar 'n groeikoers van tussen 12% en 15% sal wees vir 1983.

Mnr. Schutte sê die werklike sukses van Karnaval sal eers bepaal kan word wanneer die begroting gefinaliseer is. Hy sê egter dat dit lyk of studente die Karnaval geniet het.

# Kermis beïndruk met kleurvolle verskeidenheid

DIT wil lyk asof vanjaar se Karnavalkomitee 'n goeie skuif gemaak het deur die kermis op 'n ander plek te hou. Dit het tot uitstekende bywoning bygedra.

'n Groot groep studente het op die grasperk langs Nerina saamgekom. Die kleurvolle stalletjies het dadelik die oog gevang en daar was 'n gedurige samedromming by elkeen. Daar was 'n groot verskeidenheid om te eet en te drink. Die onderskeie juniorkomitees het gesorg dat die versierings en verversings van 'n hoë gehalte was.

Die verskillende items het groot belangstelling gewek. Daar is koek geëet en sigarette onder luide aanmoediging gerook. Dit was egter die toutrek wat die grootste belangstelling gewek het. Militêre Akademie het Elsenburg onttroon, nadat lg. jare onoorwonne was. Eendrag het weer eens die "Boatrace" gewen.

Een student het gevra: "Wat sal Karnaval wees sonder die kermis?" Hy is luidkeels deur die omstanders ondersteun.

Danksy doeltreffende organisasie deur mnre. Piet Smit en Antonie Nel en die Junior Breë Bestuur was vanjaar se kermis 'n groot sukses.



MEJ. MATIELAND, Karin Kruger (middel) en haar twee prinsesse, Wendy MacAdam (links) en Hanlie Beukes (regs), is op Donderdagaand, 24 Februarie, tydens die Kroningsbal aangewys. Die voormalige mej. Wêreld, Penny Rey-Coelen, het die kroning waargeneem. Karin is die gelukkige wenner van onder andere 'n oorsese reis vir drie weke na Europa, geskenk deur die Maties Reisburo.

# *Oorspronklike filmvlotte vermaak karnavallers*

DIE Maties het weer eens bewys dat hulle weet hoe om Karnaval, of dan Kineval, te hou. Die gehalte van die vlotte was heelwat hoër as dié van verlede jaar. Die indruk van gesonde studentepret en die onvermydelike tiperende studentehumor wat daarmee gepaard gegaan het, het die publiek aan die praat gehad.

Die vlotte was buitengewoon oorspronklik en kleurryk in vergelyking met ander jare.

Die vlot van Aristea en Elsenburg verdien beslis 'n pluimpie. Elsenburg se hertoelating tot Karnaval was beslis die moeite werd. Hul vlot, *E.T.* het dan ook die eerste plek verower. Majuba en Irene se *Asterix en Cleopatra* het die tweede plek behaal.

Na twee jaar se Karnavalonderbrekings en -onttrekkings, het Wilgenhof ook gewys dat daar nog iets in hulle steek. Hulle het saam met Heemstede 'n uiters geslaagde *Grease*-poging aan die gang gekry.

Die vlot van Nerina en Eendrag, met die tema, *Dr. Doolittle* en Minerva en Pieke se *Quest for Fire* het vir ligter oomblikke gesorg.

Die vlotoptog is voorafgegaan deur 'n verbyrit deur die Matie Motorfietsklub met die Gevangenisdiens se blaasorkes kort op hulle hakke. Die onmisbare Tamboernooientjies het op maat van die orkes hul passies uitgehaal.

Die Truworths-vlot met Matieland se mooistes aan boord, het ook baie belangstelling en aandag uitgelok.

Voorbeelde van studentehumor het orals uitgeslaan. Die een wat die meeste meriete verdien, was die inskrywing, "Two gentlemen walking abreast". Twee "here" het 'n sekere deel van die vroulike anatomie vir 'n wandeling geneem. Die Medics se *U Boud* het ook vir 'n hele paar glimlagge gesorg.

Iets wat oor die afgelope paar jaar sy onbetwiste onmisbaarheid onder studente se aandag gebring het, is die skreeusnaakse Bummies. Hierdie jaar was geen uitsondering nie en onder leiding van André het hulle waarlik geskitter.

Vanjaar se optog het ook geen gebrek gehad aan individuele inskrywings nie. Daar was onder andere 'n "visagtige" montering op 'n tandem-fiets en 'n vlot genaamd *Animal House.*

Laasgenoemde was 'n groot treffer en het baie byval onder die publiek gevind. Die tradisionele Klopse-orkes het hul plek volgestaan in die geledere.

Vlotte wat nog spesiale vermelding verdien, is byvoorbeeld *One Flew over the Cuckoo's Nest, The Rocky Horror Picture Show* (Huis Neethling en Huis Marais), *Jaws, Murder on The Orient Express* and *Kelly's Heroes* van Monica en die Militêre Akademie. Laasgenoemde het die derde plek verower.

Wanneer teruggekyk word na die optog vanjaar, is dit duidelik dat Karnaval nog 'n volwaardige plek op die Stellenbosse kampus het en dat daar verbetering op verbetering die afgelope termyn was.

# Kineval '83 maak vensterversier elke student se plesier

DIE sukses van vanjaar se Karnaval is voorspel deur die entoesiasme waarmee die koshuise deelgeneem het aan die vensterversierings. Oor die algemeen het dit gelyk of baie meer moeite gedoen is as in die verlede.

Dit was opvallend dat klem gelê is op die uitbeelding van die tema deur die students self. Die versiering van die vensters het gedien as agtergrond vir die toneelspel op die grasperke. Of dit dus vensterversierings in die ware sin van die woord was, kan amper bevraagteken word. Die toneelspel van baie studente was die rede vir die gesellige karnavalatmosfeer wat verlede Donderdag op die kampus geheers het.

'Kineval' as tema het byval gevind, juis omdat dit wye veld aan die verbeelding oorgelaat het; in so 'n mate dat oorvleueling byna heeltemal uitgeskakel is. Die beoordelaars was veral beïndruk met die oorspronklikheid van die koshuise en met die amper professionele standaard van die versierings in die vensters. Dit het die kompetisie tussen die koshuise verhoog en die deelname opwindend gemaak.

Helderberg en Lydia het die vensterversierings gewen, met die tema, *Great Gatsby*. Hombré en Huis Div was tweede met *Count Dracula's Castle*. Helshoogte en Erica het derde gekom, met die tema *Grease.*

Die eerstejaars wat ondervra is, was dit byna almal eens dat die opwinding van die vensterversieringsaand, hul na Saterdag laat uitsien het. Daar was dié wat gedink het vensterversierings is die oorspronklikste uitvindsel sedert Karnaval.


Sommige van die senior studente het vanjaar se versierings teleurstellend gevind en gedink dat die standaard daarvan laer as in die vorige jare was. Hulle meen dat vensterversierings 'n saai aktiwiteit geword het. Miskien is dit omdat die "aktiwiteit" grotendeels aan die eerstejaars oorgelaat word, veral by die dameskoshuise.

Een eerstejaar van Elsenburg het opgemerk: "Van nou af sal die meisies hopelik self hulle kamervensters versier en ons sal dit geniet!"

EXPRESS
FOTO-ONTWIKKELING
SIEN U KLEUR-AFDRUKKE BINNE ENKELE URE
* UITSTEKENDE KWALITEIT GEWAARBORG
* ONMIDDELLIKE ONTWIKKELING IN ONS EIE LABORATORIUM
* ALLE SOORTE FILMS AANVAAR
* KODAK VERVANGINGSFILM
* VERGROTINGS TOT PLAKAATGROOTE: 500x600 mm
* PROFESSIONELE EKTACHROME ONTWIKKELINGSDIENS
Die eerste en mees ervare kleurlaboratorium in Stellenbosch
Fotofast LABSHOP
The Photo Specialists
TRUST BANK SENTRUM, ANDRINGASTRAAT 43. TEL. 3435.

NET 'N GELISENSIEERDE FOTOGRAAF MAG U FOTO NEEM
U OUDSTE FOTOGRAFIESE ATELJEE OP STELLENBOSCH — SEDERT 1958
FOTO STUDIO LOCKLEY
Eienaar: Albert Langenberg — Gediplomeerde Fotograaf
VIR DIE BESTE GEHALTE FOTOGRAFIE OP STELLENBOSCH
PORTRETWERK
STUDENTE-GROEPFOTO'S
HUWELIKFOTO'S
PASPOORT- EN PERSOONS KAARTFOTO'S
HANDELSFOTOGRAFIE
LUGFOTOGRAFIE
ONS SPESIALISEER OOK IN KLEURFOTO'S, EN OOK KLEURFOTO'S OP LINNE OF OP SKILDERDOEK (CANVAS) AFGEDRUK
PLEINSTRAAT 21 TEL. 3131
STELLENBOSCH

# *Kineval '83 Kineval '83 Kineval '83 Kineval '83*



THERE were beasts. . . .



attaining new heights. . . .



GROWRR!!





and . . . well. . . .





and glamour was provided. . . .



in fact, out of this world.

# Maties sing nou met trots op die Akker

DIE tye van sukkel om lekker liedjies te kry om te gaan serenade is nou verby. Uiteindelik kan ons nou met ons eie sangbundeltjie "Akkerknakkers" spog. Hoewel die *Karnaval-Matie* reeds oor die boekie berig het, lyk dit asof dié bundel so gewild is dat ons meer inligting moet gee.

Ongeveer 1 200 eksemplare is reeds uitgegee en die samestellers beoog om die tweede uitgawe so spoedig moontlik beskikbaar te stel. Op die Eerstejaarskamp is die bundel vir die eerste keer verkoop (teen R3,00). Inwoners van die koshuise kan die paar eksemplare wat oorgebly het, koop.

### Harde werk

Volgens mnr. Leon Foot, sameroeper van die samestellers, is "Akkerknakkers" die produk van die lang en toegewyde arbeid van 'n groepie studente wat probeer het om die Stellenbosse studente weer soos van ouds spontaan en hartlik saam te laat sing. Die idee om só 'n sangbundel saam te stel, het by mnr. John le Roux, op daardie stadium ondervoorsitter van die Studenteparlement, ontstaan. Die idee het groot byval by die SP-lede gevind. Mnr. Le Roux het die samestelling van die bundel aan twee van sy koshuisvriende, mnre Jurie Gouwsventer en Bartel du Toit opgedra. Uiteindelik is op mnr. Leon Foot as sameroeper besluit.

### Kopiereg

Baie van die liedjies wat in "Akkerknakkers" opgeneem is, het die sangbundelkomitee in soortgelyke sangbundels van die Pukke, Tukkies en RAU gevind. Hulle het liedjies van Randall Wicomb, wat die komitee behulpsaam was, en treffers van bekende kunstenaars soos Anton Goosen en David Kramer ingesluit. Die verkryging van die kopiereg op dié liedjies het baie probleme gegee.

Die insameling van geskikte liedjies is in 1982 gedoen en byna die hele jaar lank is daar onverpoosd hieraan gewerk. Die komitee het dit goed gedink om 'n aantal geestelike liedere en Intervarsityliedjies in die bundel op te neem.

Reeds van die begin af het hulle probleme met fondse ondervind. Hulle oproep om geldelike steun het geen byval by die Universiteitsowerhede gevind nie. Die Universiteitsowerhede het dit duidelik gestel dat hulle skepties staan teenoor die sukses van só 'n publikasie. Die probleme is eers opgelos nadat die Studenteraad besluit het om aandie sangbundelkomitee 'n lening van vyfduisend rand te gee.

### Naam


Een van die grootste probleme wat die komitee ondervind het, was om 'n geskikte naam vir die sangbundeltjie te vind. Na vele probeerslae en 'n kompetisie wat hulle uitgeskryf het, is op "Langs Coetzenburg" besluit. Tog was die komitee nog nie heeltemal tevrede nie. Uiteindelik het Johan Els die naam Akkerknakkers voorgestel — dit nadat die bundel al ter perse was.

Die samestellers het beoog om die Universiteitswapen op die buiteblad te druk. Weens 'n drukkersfout is dit nie gedoen nie. Die samestellers is ook bewus van die groot aantal tikfoute wat in die bundel voorkom. Hulle hoop om dit met die tweede uitgawe reg te stel.

### Verkope

Ten spyte van die tegniese foutjies is "Akkerknakkers", volgens persone wat om hul mening gevra is, die vergestalting van 'n puik idee en vind dit groot byval op die kampus. Op die SP-vergadering van 22 Februarie, het mnr. Foot gesê dat die verkope van die bundel besonder goed is en dat die eerste uitgawe byna uitverkoop is. Volgens hom is daar net tagtig eksemplare by die SR-kantoor oor. Werk aan die tweede uitgawe het reeds begin.

Alles lyk dus reg vir 'n nuwe era van lekker sing en serenadegroepe.



MNR. LEON FOOT wys hoe die nuwe sangbundeltjie, *Akkerknakkers,* lyk. Hy het aan die hoof van die samestelling daarvan gestaan.



BYBELSTUDIE en bespreking van probleme is belangrik by kampe. Hier gesels studente by 'n kamp wat in die afgelope vakansie gehou is.

# *KJA beplan groot tydens drie kampe*

DIE KJA het sy werksaamhede vanjaar met drie kampe wat direk na mekaar gehou is begin. Gedurende 4 tot 13 Februarie het hulle dié kampe, wat van die heel nuwe Maties tot die oueres betrek het, by die Jonkershoek-kampterrein gehou.

Dit het bestaan uit 'n eerstejaarskamp, 'n studentediakonie- en konferensiekamp vir kringleiers en -leidsters. Vanjaar is dié kampe vir die eerste keer deur die Studente-KJA aangebied, nadat daar verlede jaar van die ACSV na die KJA oorgeskakel is.

Sowat 300 voornemende Maties het hulself die naweek van 4 tot 7 Februarie aangemeld vir voorbereiding op geestelike terrein. Benewens die Bybelstudie, wat deur ds. Coenie Burger gelei is, was daar volop geleentheid vir koshuisbyeenkomste, massamanewales en die tradisionele Jonkershoekkampdinee. Die eerstejaars kon ook na Kerugman luister.

Met die afsluiting van die eerstejaarskamp het die studente-diakonie- en bestuurskamp begin. In twee dae is 'n leierskampskoling aangebied en is probeer om soveel moontlik van die jaar se beplanning af te handel.

'n Vyfdaagse konferensie vir kringleiers en leidsters, met "Dissipelskap '83" as tema, het die reeks van drie kampe voltooi. Die bestuur het probeer om al die aktiwiteite van die jaar by hierdie tema te laat aansluit.

Die KJA-bestuur hoop dat dissipelskap op Stellenbosch vanjaar 'n groot belewenis sal wees.

# Niemand hoef meer eensaam te bly nie!

DIE Studente-unie van Stellenbosch sing deesdae 'n liedjie van 'n ander deuntjie — dié van 'n komper wat met 'n paar sent se aanmoediging studente bymekaar uitbring met die oog op 'n "date".

Dié revolusionêre projek staan bekend as Compudate. Al wat jy moet doen is om drie vraelyste in te vul. Volgens die opstellers is vrae nie so persoonlik dat dit jou in die verleentheid sal stel nie, bv.

— Lengte: kort-gemiddeld-lank

— Dans: nooit-wil leer-ja.

— Akademiese ingesteldheid: akademies-gebalanseerd-sosiaal

Vir net 50c kry 'n mens jou naam in die komper. Voordat jy dan kan sê "date", skop die komper vir jou teen 'n verdere twee rand per geleentheid, 'n lys van drie name (én telefoonnommers) uit.

Wat dink die studente van Compudate?

— Very good idea, because there are so many lonely people at Stellenbosch. You could meet people who, under normal circumstances you wouldn't — tweedejaar damestudent.

— Oulike idee, as jy inskryf met die idee om "pêls" te maak — tweedejaar damestudent.

— Vreeslik "exciting" — eerstejaar damestudent.

— Dit sal "guts" neem om in te skryf, want dit sal lyk of jy "hard-up" is — derdejaar damestudent.

— Ek sal dit nie probeer nie — nie goed vir die ego nie — manstudent.

— Ek weet van twee ouens wat dit definitief gaan doen. As ek nie 'n meisie gehad het nie, sou ek ook.

— Ja! Hoe werk dit? — vierdejaar damestudent.

Hou maar net die kennisgewingborde dop vir dié gelukkie.




Ek het my skyfie!

# *Na droë jaar moet Maties weer Groot Bloei*

VAN 7 tot 9 Maart word daar weer 'n Groot Bloei in die LSS gehou.

Die Groot Bloei word weer vanjaar ingestel nadat daar verlede jaar 'n groot afname was in die totale hoeveelheid bloed wat geskenk is. In 1981 het die studente 4 177 eenhede bloed geskenk teenoor die 2 818 eenhede van verlede jaar — 'n afname van meer as 30%. Dit is bekend dat 'n Groot Bloei baie bydra tot die totale hoeveelhede bloed wat jaarliks geskenk word.

Volgens mnr. Chris van Zyl, SR-lid belas met skenkings, is die mikpunt vir vanjaar se Groot Bloei 2 000 eenhede. Die huidige rekord vir 'n Groot Bloei is 1 800 eenhede. As in ag geneem word dat Stellenbosch 2 733 studente het wat ingeskryf is by die WPBOD, is die teiken van 2 000 eenhede nie te hoog nie.

Die Groot Bloei skakel by die Interkoshuis-bloedskenkkompetisie in. Eendrag het verlede jaar die meeste bloed per persoon geskenk.

# SCV keur pamflet af

DIE Skakelraad vir Christelike Verenigings (SCV), wat alle Christelike verenigings op die kampus verteenwoordig, het met spyt kennis geneem van die pamflet "Campus News" wat op die kampus versprei is.

Volgens mnr. Lewis Hay, die voorsitter van die SCV, is dit nie Christelik om geweld aan te moedig en dade van geweld goed te praat nie.

Die SCV keur dié tipe propaganda ten sterkste af en distansieer hom amptelik daarvan.

# Sosiale Kalender

**AROMA SANDS:**

DIE groep *Pendulum* tree elke aand vanaf 20h00 in die Pebbles Ladies Bar op. Sommige Maandag- en Dinsdagaande tree hulle egter nie op nie.

**DIE AKKER:**

*China* tree elke Woensdag, Donderdag- en Vrydagaand op. Saterdagaande haal die groep *Slap and Tickle* hul passies uit. Toegang is R1,00 vir studente. In Henry's Pub (grondvloer) tree Debbie Lan elke Donderdag- en Vrydagaand op.

**DE BALKE:**

Die groep *Tramp* word ingespan om belangstellendes elke Vrydag- en Saterdagaand vanaf 20h00 tot 23h00 te vergas.

**DROS:**

Behalwe vir die gesellige samesyn in die gewilde biertuin, kan studente luister na *Horizon* vanaf 15h00.

**HOTEL COETZENBURG:**

Woensdae, Vrydae en Saterdae tree Des te Goede en sy diskoteek op. In die Ou Stal, wat ook verhuur word, kan studente elke aand behalwe Sondae op die maat van die musiek van Keen Machine dans.

**DRIE GEWELS:**

Elke Vrydag- en Saterdagaand kan studente hier dans. Verskillende diskoteke verskaf die musiek.

**BURGER FAIR:**

Dave James tree elke aand met sy kitaar en klavier op.

KOM LUISTER NA DIE BEKENDE
PENDULUM
in pebbles
DIE UNIEKE DAMESKROEG
ELKE DINSDAG TOT SATERDAG IN PEBBLES — 8nm — LAAT
DON'T MISS LADIES NIGHT THURS 3 MARCH 7PM
FREE WINE FUN AND GAMES
YOUR PLEASURE IS OUR PLEASURE
AROMA Sands **TYYY
Beach Road/Kusweg 81 Strand 7140
BESOEK OOK
AROMA
AFSLAG-DRANKWINKEL
H/V MERRIMAN & ANDRINGASTRAAT STELLENBOSCH

## CLOETESVILLE VIOLENCE:

# UWC Students reject Labour Party 'incitement' allegations

THE Students' Representative Council of the University of the Western Cape has rejected Labour Party claims that UWC students sparked off the violence which disrupted the LP meeting in Cloetesville on 2 February.

Mr David Curry, the party's national chairman, has recently alleged that UWC students had arranged to disrupt the meeting, "and when they found they could not stop [it] by heckling, inter-



jecting and taunting, they resorted to violence to try and get their own way".

The SRC said in a statement issued shortly after the meeting that only 12 UWC students had attended it. There were approximately 550 people at the meeting.

The SRC said that the opposition to the LP had come from the local youth and from residents of the township in which the meeting was held. Although these people had booed and jeered, it was the LP supporters, and not them, who had started the violence.

### Failure

The meeting had been called in order to explain to Cloetesville residents why the LP had decided to participate in the proposed tricameral parliament. The UWC SRC maintains that the LP have "failed dismally" in their attempts "to get a mandate from the people to participate in the so-called new deal and they are trying to justify this failure by blaming UWC students, using the same kind of argument that the Minister of Police uses when he refers to agitators".

At the meeting, Mr Curry said that while LP opponents refer to him and his fellow party members as "puppets" of the government, it was these very "puppets" who had assisted the people in Cloetesville to obtain better housing.

One Cloetesville resident told *Die Matie* that she knew that the LP would raise the housing issue at the meeting in order to "whip up the people emotionally". "They want us to think that we need them to help us get houses. But it is the municipality, and not the management committee on which LP



members sit, which provides housing in Cloetesville". Her husband added, "It is general knowledge that the management committee has no executive power".

According to the UWC SRC, Mr Curry has said that it is necessary to liaise with municipalities in order to obtain certain amenities. "He does not say we don't have to do it through management committees as he and his party do".

### Intimidation

At the meeting a LP member warned a LP opponent that he would lose his house if he was not careful. The LP member said that the man had lived in a "pondokkie" until the LP got him a house in Idas Valley. The man concerned later told *Die Matie* that he has been living in Cloetesville for 7 years in a house which he obtained by approaching the municipality himself. He said he finds the LP member's attempt at intimidating him "ridiculous".

He was asked what he had done to provoke this reaction from the LP member concerned. He said that when the meeting was reconstituted, after many people had fled from the violence inside the hall, he was the only LP opponent who managed to re-enter the hall.

### Antagonised

A vote of confidence was passed in the LP leadership. Of the 53 people which he said were in the audience at that stage, he was the only one who opposed the motion. This had antagonised the LP member mentioned above.

He said that Mr Curry's claims in the press that approximately 300 people had voted in favour of the motion were "ludicrous". "Curry thought that more people would support him. He should have realised that the LP has not had a meeting here for several years. And he should have realised that the students of '76 have now entered the adult world."



ANGRY Labour Party supporters attack some of the "student" hecklers. Labour Party chairman David Curry said his "chair men" were not responsible for the violence and that UWC students had arranged to disrupt the meeting.

# Komitee vereis nou toestemming vir vergaderings

DIE verenigingskomitee het verlede week 'n verklaring uitgereik waarvolgens alle verenigings, behalwe SAAK, voortaan die komitee se toestemming moet kry voordat openbare vergaderings aangebied word.

Ook mag net godsdienstige verenigings enige aktiwiteite op Sondagaande aanbied.

Hierdie verklaring is gemaak by 'n vergadering waar die komitee se werksaamhede aan verenigingsvoorsitters bekend gestel is.

Volgens die verklaring sal verenigings "toegelaat word om openbare vergaderings te hou wanneer: (1) die onderwerp ter bespreking streng binne die vakgebied of doelstellings van die betrokke vereniging val; (2) dit 'n bekendstellingsvergadering is aan die begin van die jaar..."

'n Aantal van die voorsitters wat genader is betwyfel die noodsaaklikheid van hierdie oënskynlik bindende reëling. "Streng volgens hierdie bepaling moet ons selfs vir ons gereelde ope byeenkomste toestemming van die verenigingskomitee verkry!" aldus mnr. Leon Visser, voorsitter van die SCA.

Mnr. Christo van Heerden, voorsitter van die Verenigingskomitee, het gesê dat so 'n reëling noodsaaklik is om aktiwiteite te koördineer.

### Polstu

Mnr. Henk Smith, POLSTU-voorsitter, se reaksie hierop is dat daar net geleentheid moet wees vir verenigings om beswaar te maak by die komitee as daar op hul gebied oortree word.

POLSTU word in die verklaring uitgesonder en aangesê om "hom so ver moontlik te weerhou van enige openbare vergaderings aangesien sy vakgebied direk met SAAK s'n oorvleuel." Volgens mnr. Smith is dit "maar net nog 'n bedenklike poging om die wêreld vir POLSTU moeilik te maak.

Hieroor sê me. Tusenius dat dit onregverdig is dat POLSTU uitgesonder word, want in die verlede het die ASVS en ander verenigings se aktiwiteite ook met dié van SAAK oorvleuel.

# Nuwelinge speel toneel in Thom

DIE jaarlikse eerstejaarskonsert vind op 9 Maart 1983 om 19h30 in die H.B. Thomteater plaas.

Die konsert is daar om aan alle kultureel begaafde eerstejaars die geleentheid te gee om hulle talent te wys.

Mnr. Chris Jones, die SR-lid vir Kultuur, sê die doel van die konsert is om koshuislojaliteit onder eerstejaars te kweek en hulle reeds vroeg by kultuuraktiwiteite te betrek.

Die konsert wil kultuur na alle studente bring, hetsy deelnemer en toeskouer en daarom wil die kultuurkomitee alle belangstellendes uitnooi om die geleentheid by te woon.

Die dames- en manskoshuis kompeteer afsonderlik en die dames- en manskoshuis wat die beste produksie lewer, sal elk 'n trofee ontvang.

# *Eerstejaars gee pad; doop kom onder skoot*

deur **Jean Terblanche**

DIE ontgroening, oriëntering, doop of verwelkoming het vanjaar weer sy gebruiklike kwota kritiek ontlok. Midde in die stryd was Majuba, waar ses eerstejaars die koshuis verlaat het.

Mnr. Michael Lord, primarius van Majuba, sê dat slegs een van die "verlaters" as gevolg van die oriënteringsaksie die koshuis verlaat het. Die probleem het sy oorsprong daarin gehad dat Majuba vanjaar nie net ouddienspligtiges ontvang het nie, maar ook skoolverlaters. Sake is verder gekompliseer deurdat 32 eerstejaars in 'n deel van Sonop, as 'n Majuba-anneks, geplaas is.

In die loop van die oriënteringsweek het die huis-



EERSTEJAARS tydens ontgroening.

komitee besluit dat die Majuba-anneks-eerstejaars voortaan van die oriënteringsprogram vrygestel sou wees. Veertien van die oorblywende twee-en-dertig eerstejaars het die HK versoek om ingeskakel te word by oriëntering. Die HK het aan die versoek voldoen.

Daar was nie slegs by Majuba woelinge nie. Grootskaalse veldtogte teen die doopstelsel is van stapel gestuur en pamflette is gesirkuleer. Selfs Polstu het sy stem dikgemaak oor die aangeleentheid.

Mnr. Tielman Roos, huiskomiteelid van Dagbreek, sê dat die doop in Dagbreek 'n spesifieke doel het. Dit is nie daarop gemik om eerstejaars te verneder of fisies aan te rand nie. Die doop laat die eerstejaars verstaan dat hulle nou weer onder moet begin en help om hulle 'n bietjie grond toe te bring. Die bietjie swaarkry maak die latere inskakeling by die groep soveel lekkerder.

Na aanleiding van vrae oor die doop by Sonop, het 'n HK-lid met 'n besliste trek om haar mond gesê, "Ek mag jou niks oor die doop sê nie."

Me. Esterhuisen, prinsipale van Irene, sê dat oriëntering in die koshuis vlot verloop het en geen klagtes is ontvang is nie.

### Drank

Klagtes in verband met drankmisbruik en vloektaal tydens ontgroening word ook dikwels geopper. Mnr. Inus Marais, primarius van Eendrag, sê dat in Eendrag geen senior met 'n drankasem by "bekendstellingssessies" toegelaat word nie. Vloekery word ook nie geduld nie.

Mnr. Danie Malan, 'n eerstejaar van Eendrag, sê dat hy gedurende die doop negatief was teenoor die instelling, maar daarna die doel daaragter besef het.

'n Helshoogte-eerstejaar, mnr. Craig Cleuver, sê dat die rondjaery tydens ontgroening hom net negatief teenoor die sg. koshuisgees gemaak het.

### Kinderagtig

Dit blyk dat Wilgenhof hom distansieer van die belaglike en kinderagtige "verwelkoming". Dit veroorsaak dat daar onnodig druk op koshuise uitgeoefen word wat nie deelneem aan hierdie tipe "verwelkoming" nie.

Me. Heidi Hartmann van Aristea dink die doop is onnodig en bied niks opbouends nie. "Rosyntjies op neuse maak niemand volwasse nie".

Dit blyk dat "verwelkoming" of "oriëntering" in verskillende koshuise verskillende dinge beteken. 'n Tipiese Stellenbosch-doop bestaan nie. Elke koshuis het sy eie karakteristieke doop wat sy sogenaamde identiteit moet beklemtoon.

### Masochiste

Miskien kan 'n groot deel van die manlike saamgevat word in die siening van 'n Simonsberger wat graag anoniem wil bly: "Baie eerstejaars hou van die doop. Hulle is masochiste. Dit is soos rugby, seer, maar lekker." Onder die meerderheid eerstejaar-dames is daar egter sterker tekens van negativisme te bespeur. Die oriëntering by dameskoshuise blyk dikwels 'n afgewaterde nabootsing van die manskoshuise te wees.

# *Meer Dagboekies vir moeilike studente?*

BAIE Maties is in opstand nadat hulle nie 'n Matie-dagboekie met registrasie ontvang het nie.

Mnr. Cobus Smit, die redakteur van die 1983-dagboekie het gesê dat hy net die boekies persklaar moes maak. Die diefstal moes plaasgevind het terwyl dit onder beheer van die Administrasie was.

Hy vind dit snaaks dat die boekies gesteel is, want almal kry in elk geval een gratis. "Maar ek is bly om te hoor dat dit so gesog is."

Die SP het tydens hulle vergadering verlede week gevra dat die saak met die Afdeling Taal en Publikasies opgeneem word. Die lede het gevoel dat 'n verdere oplaag dagboekies dringend nodig is.

Volgens mnr. William Fox van die Afdeling Taal en Publikasies is die enigste verklaring vir die tekort dat die studente tydens registrasie meer as een boekie geneem het.

Die Rektor, prof. Mike de Vries sê dat dit baie moeilik sal wees om aan die SP se versoek te voldoen. Die Universiteit moet tans sy uitgawes besnoei, en die rekening vir nog 'n oplaag van die dagboekies gaan baie kos. Hy voorsien ook 'n probleem om mense wat nog nie boekies gekry het nie, te identifiseer.

Romano & Roberto

ITALIAN HAIRSTYLIST

UNISEX



WELL-KNOWN BELLVILLE HAIRDRESSERS HAVE PLEASURE TO ANNOUNCE TO STELLENBOSCH STUDENTS THAT AS FROM FEBRUARY THEY WILL BE OPERATING IN YOUR AREA AT VERY LOW BUDGET PRICES!

GENTS CUT, BLOW DRY ............ from R6,00
CUT, TINT, BLOW DRY ............ from R12,00
CUT, HI-LITE, BLOW DRY ............... R26,00
DULCIA INVOLIA PROTEIN PERM
INCLUDING CUT & BLOW DRY ....... R35,00

ROMANO WILL BE OPERATING MONDAY TO WEDNESDAY
ROBERTO WILL BE OPERATING THURSDAY TO SATURDAY

WE ARE LOOKING FORWARD TO ADVISING YOU ON YOUR REQUIREMENTS

CNR BIRD & MERRIMAN AVENUE, STELLENBOSCH
PHONE 9611

# Lunch-hour fun adds spice to Carnival

MUSICULTUS presented lunch-hour music concerts each day of the week before Carnival. The proceeds from the door were collected as a Carnival effort in aid of USKOR.

On Thursday a mainly brass instrumental band, comprising of eight players headed by french horn player Faan le Roux, played Dixiland numbers. The first musical hits included *The way we were* and *The summer knows.* They featured the flutist Fanie Zondagh. A further collection was played of which *When the saints go marching in* and the *Charlston* were well known. These were executed by the whole band, the remainder of the members being Lizbe Ferreira, Keith Coxen, Stephanie Hough, Etienne Malan, Paul Loeb van Zuilenburg (jr.) and Petra Loeb van Zuilenburg. She played the following instruments respectively: piano, drums, bass, clarinet, guitar, trumpet and saxophone.

### Relaxing

Although the performance cannot be noted as one of the more exceptional concerts, it was enjoyable and many spent a relaxing half hour.

*The Lady Sings the Movies,* presented by singer Ingrid von Zweel and pianist Niël le Roux, was a great delight to attend. An immediate atmosphere was evident as one walked into the hall. The auditorium was entered in darkness. Six candlelit figures were seen sitting on the stage forming an extra audience scene. Soft piano accompaniment was heard in the background. Ingrid looked accomplished in a long black dress. She started off with *It's a most unusual day* from *A date with Judy,* after which several other hits from the movies were sung. the medly featuring songs of love was very well executed. Not only was the audience's response excellent, but the artists themselves seemed to be enjoying themselves. This certainly added to the flavour of sincerity in the stage production.

### Success

Anthony J. Constandius in a cabaret *3-D* performed the theme of the cabaret in close relation to Carnival.

These lunch hour concerts were a great success and it will be good if Musicultus keep up the good work.

**Jo Harvey**



INGRID VON ZWEEL "sings the movies" while Nïel le Roux accompanies her on the piano.



PROF. PHILIP MCLACHLAN verskyn hier soos hy altyd die Universiteitskoor gederigeer het.

# Philip McLachlan oorlede

**PROF. Philip McLachlen, die geliefde voormalige dirigent van die Universiteitskoor van Stellenbosch is op 22 Februarie in die ouderdom van 66 jaar oorlede.**

**Prof. McLachlen was tot 1979 hoogleraar van Opvoedkunde aan die Universiteit van Stellenbosch.**

**Hy was van 1955 tot sy uittrede in 1976 dirigent van die universiteitskoor. Hy het daarvoor gesorg dat die koor sy status selfs oorsee uitgebrei het.**

**Prof. McLachlen het ook 'n groot rol in die musiekwêreld van Suid-Afrika gespeel. Hy het 'n groot aandeel in die FAK gehad en was lank lid van die FAK-musiekkomitee.**


**Prof. McLachlen het gesorg dat skoolmusiek in Suid-Afrika sy regmatige plek gekry het.**

**Die Universiteit van Stellenbosch en die mense wat musiek hulle erns gemaak het sal sy afwesigheid baie swaar voel.**

# Universiteitskoor beplan vol program

DIE Universiteitskoor van Stellenbosch is reeds druk besig met hulle jaarlikse oefenprogram. Sestig koorlede oefen vier keer per week onder leiding van dr. Johan de Villiers.

. Die koor se jaarprogram is bekend gemaak. Daarvolgens gaan 1983 beslis 'n opwindende en bedrywige jaar vir almal wees. Op 21 Mei gee die koor hulle gebruiklike eerste uitvoering in Idasvallei. Op 3 Junie en 22 Oktober tree hulle in die Endlersaal op. Op laasgenoemde datum vind die jaarlikse studentekonsert plaas. 15 Oktober is 'n belangrike datum. Die koor het dan 'n optrede in Kaapstadse stadsaal. Die koor sing ook op uitnodiging in die kultuurweek en in die sendingweek. Hulle beplan hoek asook vier konserte. Die laaste een word volgens tradisie in die Oude Libertas-opelugteater gehou op 28 November. Lede wat die koor verlaat, tree dan vir oulaas as deel van die Universiteitskoor van Stellenbosch op.



DIE Universiteitskoor oefen al aanmekaar vir hulle druk program vir 1983.

'n toer gedurende die wintervakansie. Die bestuurder van die groep is mnr. Bart Cronje. Gedurende Maart en Mei woon die lede twee oefenkampe by. Tydens die eerste kamp bly hulle in die koshuise en oefen in die Konservatorium. Die tweede kamp is by Noordhoek in die Skiereiland. Dit is op dié kamp waar die groep bewys dat hulle nie net kan sing nie, maar ook kan kosmaak (met so 'n bietjie hulp van mev. De Villiers). Na die 1983 eindeksamen het die koor weer 'n kamp by Noord-

Die doel van die koor is ten eerste om die plesier te verskaf aan die gehoor. 'n Verdere doel is ook om saam goeie musiek te bestudeer en te waardeer. Die koorprogram bestaan uit ligte-, gewyde- en klassieke musiek uit alle tydperke. Hulle sing liedere in verskillende tale wat Frans, Duits, Hebreeus, Latyn, Italiaans en Zoeloe insluit.

Op 25 Februarie het die koor 'n besonderse optrede gehad by die begrafnis van prof. Philip McLachlan. Prof McLachlan was vir 21 jaar (1955—1976) die dirigent van die koor. Hy is beslis een van die grootste name in die Suid-Afrikaanse musiekwêreld. Vir die koor was hy van onskatbare waarde. Tant Helen McLachlan is vir die koor 'n wonderlike bron van inspirasie. Sy is 'n aktiewe lid en 'n tweede ma vir elke koorlid.

Die koor het 'n goeie reputasie wêreldwyd. Iets wat enige buitestaander opval, is die hegte band van vriendskap en die lojaliteit tussen die koorlede. Die Universiteitskoor sal in 1983 voortbou op hul goeie naam.

**Anso van Zyl**

# Nico Malan bied aan:

DAAR is in die volgende paar weke twee baie interessante opvoerings in die Nico Malan. Studente wat in die kunste belangstel kan gerus die tyd en petrol opoffer en 'n draai in die Kaap gaan maak.

*On the Razzle,* 'n drama deur Tom Stoppard word van 11 Maart tot 2 April opgevoer. Die spelers Diane Wilson, Antoinette Kellerman en Keith Grenville is baie bekend en dit is altyd die moeite werd om na bekwame akteurs te gaan kyk. Ken Leach is die regisseur.

Vir opera-liefhebbers bied die Nico Malan van 19 Februarie tot 12 Maart *The Gypsy Baron* van Johann Strauss aan. Die regisseur is David Matheson.

# *Digters debuteer*


*DIE MATIE* nooi alle digters uit om te debuteer op die kunsblad. Die kunsredaksie het hierdie rubriek ingestel sodat elkeen wat skryf 'n plek kan hê om hulle werk in druk te sien.

Stuur u gedigte na *Die Matie* en ons sal dit publiseer.

**Straatvrou**

Rooi spikkels blink
vyf-vyf verby
totdat jy stilstaan
en tien geverfde toonnaels
vir my lag

— Stefanie Hefer



HAUM Sweet HAUM

TRUST BANK SENTRUM, STELLENBOSCH.

Fotografie
Photography

Spieëlbeeld van die Lewe

FOTO'S DEUR

STUDIO 7


VIR ALLE FOTO'S WAT U BENODIG EN DIE PROFESSIONELE ONTWIKKELING VAN U EIE FILMS

ATELJEE- EN GRADEFOTO'S • KOSHUISFUNKSIES • HUWELIKE
PASPOORT-, LISENSIE- EN REGISTRASIEFOTO'S SPOEDDIENS
GELEENTHEIDSFOTO'S • FOTO-JOERNALISTIEK

JOHAN STANDER

ANDMAR-GEBOU, RYNEVELDSTRAAT, STELLENBOSCH. TELEFOON: 4626.

# Moderne werke toon krag van kuns



DIE reaksie wat hierdie kunswerke uitlok illustreer die krag van kuns!

**"VAT dit weg", "Ek weet nie wat dit daar soek nie", is van die reaksie op die kunswerke op die kampus. Hier word spesifiek verwys na die werke tussen die C.G.W. Schumann- en die van der Sterrgeboue.**

Die werke is deur Anton Rupert en Rembrandt Internasionaal aan die Universiteit van Stellenbosch geleen. Prof. Larry Scully (Hoof van die kunsdepartement) was direk betrokke met die plasing van die kunswerke. Toe hy sewe jaar gelede hier aangekom het, was daar 'n definitiewe tekort aan beeldhouwerke op die kampus, veral as 'n mens in ag neem dat daar baie meer beeldhouwerke op die kampusse van ander universiteite is. RAU spog byvoorbeeld met dertig beelde wat 'n integrale deel van hulle kampus vorm.

Die werke is goedgunstiglik aan die Universiteit beskikbaar gestel, maar ongelukkig was dit 'n kulturele skok vir baie studente. Sommige studente het die werke opgelig en op ander plekke gaan neersit. Dis snaaks om te sien wat se mag kuns eintlik op mense uitoefen en dat hulle so sterk daarop reageer. Dit wil lyk of hierdie "Strangers in paradise" uiteindelik tog deur baie mense aanvaar is as definitiewe bydraes tot ons pragtige kampus.

Op 'n vraag of hierdie werke by die omgewing inpas het Prof. Scully gesê 'n mens moet glo dat álles wat goed is met enigiets goeds kan saamleef. Niks is meer vervelig as net een styl nie — 'n mens wil altyd 'n bietjie variasie hê om die lewe meer opwindend te maak. Volgens prof. Scully komplimenteer hierdie werke mekaar deur hulle uniekheid. Die geboue en die beeldhouwerke behóórt mekaar noodwendig te komplimenteer.

Mnr. Oosthuizen van die Departement van Ontwikkeling sê dat die werke wel met die omgewing bots, maar dat kuns noodsaaklik is, veral waar sogenaamde intellektueles gekweek word. Mnr. Potgieter van Die Departement van Beplanning wou nie kommentaar lewer nie, want hy beskou homself nie as 'n kunskenner nie. Daar is nog sulke werke oor, maar

deur
Anso van Zyl


die Universiteit wil dit nie aanvaar voordat daar besluit is waar om dit te plaas nie. Ons moet ook in ag neem dat die Universiteit oor min fondse beskik en dus nie nuwe kunswerke kan koop nie.

Dit is belangrik dat ons die kunstenaars van die beelde en hulle ander werke moet leer ken voordat ons die werke "verstaan". Ons moet ook in ag neem dat hierdie werke nie meer so modern is nie. Die meeste van hulle is in 1968 (vyftien jaar gelede) gemaak en op daardie stadium was dit taamlik nuut in Suid-Afrika. Die kunstenaars van die werke op die Stellenbosse kampus is: Richard Wake, Helmut Starke en Lippy Lipshitz. Die werke is in die tradisie van die wêreldberoemde beeldhouer Anthony Caro. Hy word erken as een van die mees indrukwekkende kunstenaars in die wêreld. Sy werke oortref die eienskappe van minimale beeldhou (baie eenvoudige werke sonder tierlantyntjies). Dit varieer van oop strukture en groot mure tot horisontale assemblages.

Richard Wake word erken as 'n progressiewe beeldhouer. Hy was verbonde aan die personeel van die Michaelis Kunsskool van die Universiteit van Kaapstad. Op die oomblik maak hy opgang as beeldhouer in Europa. Helmut Starke is tans 'n lektor by die Michaelis Kunsskool. Sy skilderye is verwant aan die pop-kunstenaars en sy beeldhou is in dieselfde trant. Lippy Lipshitz is reeds oorlede, maar hy was ook 'n bekende persoonlikheid in beeldhoukuns.

Ons het baie positiewe- en negatiewe reaksies oor die werke ontvang. Rolf Streuber, wat reeds in 'n vorige Matie bekendgestel is met sy tikmasjiententoonstelling, sê dat die werke nie 'n indruk op hom maak nie. Die vakmanskap is nie goed nie en as dit in 'n ander kleur en meer dekoratief was sou dit finitief nie die hoogtepunt van die kunstenaar se werk nie.

Mnr. Victor Honey (waarnemende hoof van die Kunsdepartement) sê die standaard van die werke wissel. Hy vind hulle visueel stimulerend. Ons moet dit sien in die lig van Anthony Caro se styl, kontemporêre materiaal en tegniek. Hy voel ook dat die werke meer ruimte nodig het, hulle in helder klere geverf moet wees en



PROF. LARRY SCULLY, Hoof van die Departement van Beeldende Kunste en skepper van hierdie "Mondorla Murals" in die US Konservatorium meen dat die kuns voor die C.G.W. Schuman-gebou die geboue komplimenteer en omgekeerd.

'n groter trefkrag hê. Hy voel die kunstenaars moes beter materiaal gekies het, want die werke word blootgestel aan weersomstandighede wat hulle beslis benadeel. Vir hom is daar 'n drieledige doel in alle kuns, naamlik: die visuele realiteit en tegniek en die inhoud, hetsy simbolies of nie. Mnr. Streuber meen dat hy nie die diepere konteks kan lees nie. Nie dat 'n diepere betekenis altyd nodig is nie, want kuns het sy eie bestaansreg. Elke kunstenaar, selfs die ou meesters, maak maar foute. Volgens hom is hierdie dat hulle meer sorg nodig het. Helder kleur vorm 'n integrale element. Dit is 'n formele benadering tot kuns en dit behels emosionele betrokkenheid. Mnr. Honey sou daarvan gehou het as die werke vyf of ses keer groter was. Dit sou dan 'n baie groter indruk gemaak het. Hy sê dat die werke in 'n te besige ruimte ingedruk is.

Mnr. Timo Smuts (dosent by die Kunsfakulteit) sê: "Hierdie beeldhouwerke is aansienlik beter as die beeldhouwerke van die vroeë sewentigerjare wat 'n mens in die stede op straat sien.

# Anleo, 'n winkel vir fynproewer!

DRA jy graag handgemaakte leerskoene of -sandale, of lappiesrokke, dan is Anleo dié plek om 'n draai te gaan maak. Half-versteek in 'n hoek van die Katrina-skoenwinkel in die Andmargebou was 'n fees vir jou oë.

Buiten goedafgewerkte leerware, hang dié klein winkeltjie vol sis- en lappiesrokke, baadjies en hemde met oorspronklike appliekwerkkussings op die grond gestrooi. 'n Mens wens eintlik jy het die wêreld se tyd gehad om, met Dylan-musiek in die agtergrond, net na alles te kon kyk!

André du Toit, wat self die leerware maak en sy winkeltjie behartig, het tydens sy diensplig onder toesig van Barbara Kock die kuns van leerwerk aangeleer. Met die ondervinding wat hy in Beeldhoukuns op skool opgedoen het, en sy belangstelling in leerwerk, batiek en pottebakkery, was 'n leer- en handwerkwinkel die aangewese ding.

## Snuffel

Is dit dan nie 'n leemte in sy lewe dat hy nie eers studeer het voordat hy sy eie winkel geopen het nie? André dink beslis nie so nie.

Elke dag bied vir hom nuwe uitdagings en nuwe ondervindinge met mense. Hy hou daarvan om self daar te wees as mense in Anleo kom rondsnuffel. Hy wil sien watter artikels in aanvraag is.

Boonop volg hy in sy oupa en ouma, wat self skoenmakers en kunssinniges was, se voetspore.

André se rustige geaardheid en liefde vir die poësie en volksmusiek straal uit sy leerwerk en winkel as 'n geheel. Hoewel hy die klere in Kaapstad by werkswinkels soos *The Whole Earth Centre* en *Stitches*, gaan koop beoog hy om self ook klere te ontwerp en ook van sy eie pottebakkersware uit te stal.

Enige persoon wat geïnteresseerd is om leerwerk aan te leer, is welkom om hom te kontak. Wat ook al die motief, 'n snuffel in dié leerwinkel kan aanbeveel word!

deur
**Stefanie Hefer**



ANDRÉ DU TOIT gesels in sy winkeltjie, Anleo met ons verslaggeefster, Stefanie Hefer.

## *PRATE PLAATJIES:*

# Culture Club e.a.

**Culture Club: Kissing to be Clever Depeche Mode: Broken Frame**

Pieter van der Lugt

Brenda van Bishop's Court was sy wyfie. Tot gistraand. Toe vat hy haar kamer toe vir 'n oorvol koeles. Versterker aan. Krag. Lig en suising. Diamantpunt maak kobrakop oor swart viniel. Kontak. 'n Stroom watts deur luide sprekers. Hard soos twee Japies. Depeche Mode, kondig hy aan.

Leave in Silence. Secret Garden — en sy brein begin verbode vrugte dra . . . Monuments. See You, met 'n seunsopraan wat die Kakenbergse Draakkoor heel toesteek. Kant twee. Yskoel techno-pop. Selfs beter as die Mode se eersteling, Speak and Spell.

Ek voel oor DM soos 'n oermens oor aartr, sug hy. Hoor net vir The Meaning of Love . . . hê poppie?

Haai, vroetel Brendie tussen sy plate, jy't Culture Club! Ag speel-dit-vir-my-toe!

Ma-ma-ma' hoor eers Photograph of You, pleit hy. Sy staan op en soek onder die bed na haar pienk tekkies.

Orraaait! paai hy en speel een van twee goeie songs op Kissing to be Clever.

Siesga man, sê hy. Tandem Theunissen, die Sensorman, het eens gesê hierdie funky Jamaikane is nee-nee soos om vir Paul Kruger te lag.

Kyk hulle lirieke. Wat beteken "YOUR WHITE DANCE LIKE AN ENEMY"? Kyk hoe speel hulle. B-a-b-y-s. Babies.

"Wat's goed aan I'm Afraid of Me? Dis 'n ploep van 'n plaat man, kla hy.

Bye, sê Brenda.

Do You Really Wanna Hurt Me? koggel Boy George, lady-cum-laaitie.

Jaa'k . . . Ek sal maar net dié song tape, dink hy.

U.U.B. VIR AL U
★ Boeke
★ Skryfbehoeftes
★ Afrolwerk
★ Bindwerk
PLEINSTRAAT U.U.B.
STELLENBOSCH FOON 70337

EDRICH (EDMS) BPK.
Waar u diens en kwaliteit gratis kry
• Fotografie — PROFESSIONELE ATELJEE, KAMERA VERKOPE, FILM-ONTWIKKELING (Gratis Film)
• Kuns — MATERIAAL VIR DIE KUNSTENAAR, GALERY VIR UITSTALLINGS
• Raamwerk — BLOK VAN ENIGIETS, GROOT VERSKEIDENHEID POSTERS
• Tiksentrum — FOTOSTATE, BIND VAN SEMINARE, PLASTIEK LAMINERING
RYNEVELDSTRAAT 34, STELLENBOSCH. TELEFOON 71177 POSBUS 174

Cobwebs
Juweliersware
Liebermann-breekware
Mandjies
Afdrukke van tonele in die omgewing
Skulpe, kuriositeite, kerf- en kralewerk
Vinotique: Wynvate en Geelhout-wynrakke.

**Die Matie**

Donderdag, 3 Maart 1983

# DM het derde party-status

VOLGENS die reglemente van die SR word die waghondfunksie van *Die Matie* erken. Die rol kan alleen vervul word as dié koerant 'n derde party-status op die kampus het. Daarom moet die beleid van die koerant nie deur 'n ander liggaam bepaal kan word nie. In die lig hiervan verdien 'n mosie wat by verlede week se SP-vergadering bespreek is, kommentaar.

Die mosie het gelui dat die SP die SR versoek om die Redakteur opdrag te gee om voortaan briewe wat instansies aanval met volledige naam en adres van die skrywer te publiseer. Voor op die meriete van die mosie ingegaan word, moet bepaal word of die SR die reglementêre bevoegdheid het om so 'n opdrag aan die Redakteur te gee.

Volgens die reglemente wat betrekking het op *Die Matie* bepaal die Redakteur die beleid. Die SR sal dus die reglemente eers moet verander voor so 'n opdrag aan die Redakteur gegee kan word. Dit behoort nie te gebeur nie omdat ons glo dat die derde party-status van die koerant ongeskonde moet bly. Dit lyk gelukkig nie asof die huidige SR sulke planne het nie.

*Die Matie* moet egter kennis neem van die standpunte van SP en SR. Gevolglik word die beleid ten opsigte van briewe verander. Voortaan sal briefskrywers wat onder 'n skuilnaam wil skryf, kennis moet neem dat briewe wat geplaas word onder die naam en adres van die skrywer voorrang sal geniet.

Die meriete van die brief en die omstandighede waarin die persoon skryf, sal in ag geneem word. Ons glo dat briefskrywers in die meeste gevalle die moed van hul oortuiginge behoort te hê om onder hul eie name te skryf.

# Dagboekies skiet tekort

MEER as 2 000 studente het vanjaar nie Matiedagboekies ontvang nie. As rede vir die tekort word swak kontrole oor die boekies tydens registrasie aangegee. Sommige studente het glo meer as een boekie geneem. Sulke selfsugtige optrede kan nie goedgepraat word nie maar dit kan nie uit die oog verloor word dat dit nooit sou gebeur het as daar behoorlike kontrole oor die boekies was nie.

Die "beroofde" Maties kan met reg aandring dat 'n ekstra oplaag van die boekies gedruk word. Hulle is geensins verantwoordelik vir die lang vingers van sommige mede-studente of die swak kontrole wat oor die boekies uitgeoefen is nie.

## REDAKSIE

**HOOFREDAKTEUR:** JACQUES JOUBERT, Andringastraat 37 (Tel. 74130)
**REDAKSIEKANTOOR:** Langenhovenstudentesentrum nr. 435, 436 en 438 (Tel. 72332)
**BOODSKAPPE:** Sekretaresse, SR-kantoor, LSS (Tel. 70138); Posbus nr. 20
**ASSISTENT-HOOFREDAKTEUR:** DAWIE BOSCH, Louwstraat 5 (Tel. 71502)
**ADVERTENSIEBESTUURDER:** HEINRICH MULLER, Barrystraat 23 (Tel. 4391)
**AKTUELE REDAKTEUR:** CORINNE OOSTHUIZEN, Nemesia (Tel. 71300)
**NUUSREDAKTEUR:** VAKANT
**SPORTREDAKTEUR:** VAKANT
**KUNSREDAKTEUR:** JENNIE JOHNSON, Nerina (Tel. 2018)
**SOSIALE REDAKTEUR:** G.P. KELLERMANN, Eendrag (Tel. 2135)
**INTER-UNIVERSITÊRE REDAKTEUR:** VAKANT
**HOOFFOTOGRAAF:** GRAHAM VAN HEERDEN, Louwstraat 12, Durbanville (Tel. 96-3401)
**TAALREDAKTEUR:** ROBERT BOKHORST, MAJUBA (Tel. 2245)
**SKAKELBESTUURDER:** ANDRÉ ROODT, Eendrag (Tel. 2135)
**SPOTPRENTTEKENAARS:** FRANS BASSON, Majuba; VALDI STRAUSS, Nemesia
**SEKRETARESSE:** RINA VAN RENSBURG, Huis de Villiers
**SUB-REDAKTEURS, NUUS:** Finlay Taylor, Karen Joubert
**NUUSVERSLAGGEWERS:** L. Dippenaar, W.J. Verwoerd, D. Snyman, J.H. Roux, C. Knipe, H. Hattingh, J. Terblanche
**SUB-REDAKTEUR, SPORT:** André Duvenhage.
**SPORTVERSLAGGEWERS:** D. Louw, B. Olivier, H.A. Lambrechts, A.P. Laubscher
**SUB-REDAKTEUR, KUNS:** Cobus Smit
**KUNSVERSLAGGEWERS:** W. de Vos, A. Oosthuizen, A. van Zyl, S. Hefer, J.R. Hayter, H. Marais
**SUB-REDAKTRISE, SOSIAAL:** Doria Joubert
**SOSIALE VERSLAGGEWERS:** S. van Rooyen, C. Koen, B. Brown, H.S. Schröder, H.C. Nieuwoudt, N. Conradie, M. de Waal, H. Bester.
**SUB-REDAKTRISE, INTER-UNIVERSITÊR:** Helet Herholdt
**INTER-UNIVERSITÊRE VERSLAGGEWERS:** C. Kloppers, G. Martin
**FOTOGRAAF:** J. de Wet




# SR-kandidate benoem

'n VAKANTE pos op die SR het ontstaan met die bedanking van mnr. Anton Smith, SR-lid belas met LSS. Die tussenverkiesing vind plaas op Dinsdag, 8 Maart om 19h00 in die Vroueverenigingsaal. Die volgende kandidate in alfabetiese volgorde is benoem:

## ANNAMI OOSTHUYSEN

**Voorsteller:** Kobus du Toit Bosman
**Sekondante:** Corinne Oosthuizen; Barbara Thompson; Johan Bell; Karen Strydom; Helet Herholdt.
**Ondervinding:**
1980 — Rotariër-uitruilstudent na die VSA
1981 — Eerstejaarskomitee, Nerina; Senorina-redaksie; *Die Matie* — Aktuele redakteur
1982 — Huiskomitee, Nerina; Vasvraspan, Nerina; *Stellenbosse Student* — Redakteur van SR/SP; *Die Matie* — Nuusredakteur
1982/1983 — SAAK-bestuur
1983 — Onderprimaria, Nerina; SP-lid vir Nerina; Lid van SP-kommissie van ondersoek na Stellenbosch se moontlike heraffiliasie tot die ASB; Publikasiekomitee
**Beleidsverklaring:**

Die SP-SR-stelsel staan nog in sy kinderskoene en ek sou met geesdrif en toewyding wil saamwerk om dit verder te ontwikkel. Indien ek verkies word, onderneem ek om tot die studente-unie toeganklik te wees en die portefeulje LSS, waar dit prakties moontlik is, tot elkeen se voordeel, genot en gerief uit te bou. Radio Matie speel 'n belangrike en noodsaaklike rol op Matieland en gemeet aan die suksesse in die verlede, kan dié stasie verder aangewend word om inligting oor nuusgebeure, vermaak en aanbiedinge aan studente te verskaf. As SR-lid sal ek probeer om Radio Matie se diensleweringsfunksie te bevorder.

Ek steun die ondersoekende aard van die nuwe SP-SR-stelsel waardeur besluite op 'n verantwoordelike en verantwoordbare grondslag geneem word. Juis die aard van die stelsel skep die geleentheid dat studenteleiers vraagstellend en krities na hul aandeel in kampusaktiwiteite en studentepolitiek kan kyk, terwyl die breë landspolitiek en 'n toekomstige bedeling ook aandag geniet.

As SR-lid sal ek probeer om 'n ondersoekende gees te openbaar en vraagstelling aan te moedig. Sodoende word Stellenbosch beter gedien en kan hy 'n groter bydrae tot die samelewing lewer. So 'n kritiese ingesteldheid impliseer 'n oop en toeganklike gemoed en nie 'n subjektiewe uitkyk nie. As dit beteken dat die SP en SR as studente-verteenwoordigers en leiers meer standpunt oor ongerieflike en aktuele sake moet inneem, sal ek dit heelhartig ondersteun. Dit is immers deel van die studenteleerskool aan 'n Universiteit van hoogstaande gehalte.

## JOHAN RADEMAN

**Voorsteller:** Hendrik Verwoerd
**Sekondante:** Panayiotis Stais; Vicci Schoeman; Leon Foot
**Ondervinding:**
1980—1983 — Studenteparlement (1981/1982, 1982/1983); Wilgenhof Bybelverspreidingtoer — regisseur; USAT-regisseur, (1982, 1983); *Die Matie* — Sportverslaggewer; TWR-omroeper; Radio Matie: Eksterne Nuus; Omroeper; Intervarsity, nuusdekking; Direkteur, nuusdienste; Programorganiseerder, Christelike Visie
**Beleidsverklaring:**

Ek verklaar dat indien ek tot die Studenteraad van die Universiteit van Stellenbosch verkies word:

(1) Ek die belange van die studente-unie te alle tye op die hart sal dra deur hul behoeftes, probleme en voorkeure te identifiseer.
(2) Ek sal probeer om objektief te bly ten opsigte van alle lands- en studente-aangeleenthede. Hierdeur wil ek die unieke en onvervreembare karakter van die Universiteit van Stellenbosch in stand hou.
(3) Ek in die portefeulje "Langenhoven-studentesentrum" sal probeer:
  (i) om 'n meer aangename studente-atmosfeer in die Sentrum te skep;
  (ii) om in samewerking met die Direksie van Radio Matie die opvoedkundige rol van hierdie stasie verder uit te bou;
  (iii) om effektiewe kontrole oor die gebruik van albei SR-voertuie uit te oefen.
(4) Ek in geen besluit my Christelike gewete en beginsels sal verkrag nie en my hoogste trou steeds by die Skepper sal wees.

## BRAAM VAN DER MERWE

**Voorsteller:** Arnold Smit
**Sekondante:** M.C. van Zyl; Braam Hanekom; Cora Gerber
**Ondervinding:**
1981 — A.C.S.V.-kringleier; Koshuisstembuskonvenor (SP); Atlete vir Christus: Publikasies
1982 — Huiskomitee, Helderberg; Helderberg debatspan
1983 — Huiskomitee, Helderberg; Studenteparlementslid vir Helderberg
**Beleidsverklaring:**

Dit sal vir my 'n besondere voorreg wees om die studentegemeenskap van Stellenbosch op die SR te kan dien. Ek beskou administratiewe deeglikheid as die grondslag vir 'n suksesvolle SR-termyn en ek sal die vakante portefeulje hieraan wil laat voldoen. Deur deeglike ondersoek sal ek poog om die behoeftes en griewe van studente te peil, en na aanleiding daarvan probeer om 'n beter situasie daar te stel. Veral t.o.v. die portefeulje LSS, is daar ruimte vir verbetering.

Naas die administratiewe funksie word ook van die SR-lede verwag om polities standpunt in te neem, en stel ek dus graag die volgende in hierdie verband: Ek beywer my vir die voortgaande gesprek tussen alle bevolkingsgroepe van die RSA, ten einde die aspirasies van alle groepe te bepaal, en tot voordeel van almal in die Republiek te bevredig. Daarom beskou ek die SPOG-ondersoek na die grondwetlike toekoms van die stadswarte as 'n belangrike ontwikkeling, wat uiteindelik ook 'n bydrae kan lewer tot die gesprek oor dié onderwerp wat tans op nasionale vlak aan die gang is.



DIE lede van die Spesiale Eenheid sorg dat dié buite-aardse wese ongeskonde bly. ET ("the Extra Terrestrial") het die vlotkompetisie gewen. Dit was Aristea en Elsenburg se inskrywing.



PROF. H.B. THOM

# Prof. H.B. Thom in as US-Kanselier

PROF. H.B. THOM, oud-Rektor van die Universiteit, is onbestrede verkies tot Kanselier van die Universiteit. Hy is in die plek van dr. B.J. Vorster wat op 9 Desember 1982 as Kanselier uitgetree het, verkies.

Verskeie name van moontlike kandidate is vooraf genoem, maar toe nominasies Vrydag, 11 Februarie om middernag amptelik gesluit het, is geen ander nominasies ontvang nie. Ingevolge die statuut van die Universiteit word hy die nuwe kanselier.

### Stemreg

Die kanselier word deur die lede van die konvokasie gekies. Die konvokasie bestaan uit alle gegradueerdes van die Universiteit en personeel. Stemreg word verkry deurdat die lede van die konvokasie registreer en dus sorg dat hul name op die rol is.

Nominasies vir die kanselierskap moet deur 'n persoon plus vier lede ingedien word. Elke nominasie moet die skriftelike aanvaarding van die nominasie deur die genomineerde onder sy handtekening bevat.

Die kanselier word verkies deurdat daar aan elke lid van die konvokasie 'n stembrief gestuur word. Weens die feit dat prof. Thom die enigste genomineerde was, is geen stemming gehou nie.


### Vorster

Die vorige Kanselier, dr. B.J. Vorster, is ook onbestrede verkies. Klaarblyklik word daar met die aanstelling van prof. Thom afgewyk van 'n "tradisie" nl. dat 'n politieke figuur tot kanselier verkies word. Die vorige twee kanseliers, dr. B.J. Vorster en dr. Malan, was albei politici. Dr. Malan is egter reeds tot kanselier verkies voordat hy politikus geword het. Dit is dus duidelik dat die kanselierskap nie noodwendig deur 'n politikus beklee word nie.

Prof. Thom het dan ook 'n lang verbintenis met die Universiteit, en die universiteitswese in Suid-Afrika. Hy het sedert 1924 aan die Universiteit gestudeer en in 1930 verwerf hy die doktorsgraad in die geskiedenis aan die US. In 1931 word hy lektor in die Geskiedenis op Stellenbosch en in 1937 hoogleraar in Geskiedenis. In 1954 volg hy prof. Bobby Wilcocks op as Rektor wat hy tot 1969 beklee. Gedurende die periode het die Universiteit se getalle uitgebrei en is baie verbeterings soos die aanbou van elf koshuise aangebring.

### Voorsitter

In die breë universiteitswese speel hy 'n belangrike rol in die Komitee vir Universiteitshoofde en na sy aftrede dien hy as voorsitter aan die Adviserende Raad op Universiteite (ARU). ARU is die hoogste adviesliggaam oor universiteite en wat ook direk met die Minister van Nasionale Opvoeding skakel.



# UCT to honour Beyers Naudé

DR. BEYERS NAUDÉ, the banned theologian, is to receive an honourary degree D. Litt. from the University of Cape Town.

### Stellenbosch

Dr Naudé received his BA and MA from Stellenbosch. He has since been awarded honourary doctorates by the free University of Amsterdam and the University of the Witwatersrand.

In October last year Dr Naudé was rebanned for three years after completing a five year banning order imposed in 1977.

The UCT religious publication, *Perspective* quotes from Peter Randall on Beyers Naudé, *Not Without Honour*. The author describes Dr Naudé as an Afrikaner who turned against many of the values and particularly the political values of his community. He adds "Those who know (him) well will not doubt the deep sincerity of the motivation or of the convictions which have led him almost inexorably over a period of twenty years to this position."

### Uncertainty

It is as yet uncertain whether Dr Naudé will be able to attend the graduation ceremony in view of his banning order.

DR BEYERS NAUDÉ, the banned christian leader who received his BA and MA from Stellenbosch, is to receive an honourary doctorate from UCT.




Volkskas het 'n mooiloopdiens vir elkeen van jou raap-en-skraap-broekskeurdae.


Jongdae. Moeilike dae. Maar goeie dae. Veral as jou Volkskas-bestuurder jou ken. Hy't altyd een of ander diens om aan te bied. Soos 'n spaarrekening vir daardie wonder-wat-kos-'n-tweedehandse-motor-dae. Studiehulp vir die dis-dalk-beter-om-maar-te-gaan-swot-dae. 'n Tjekboek vir daardie skenk-asseblief-u-dringende-aandag-aan-hierdie-rekening-dae. Kredietkaarte en 'n kitsbankdiens vir daardie vanaand-gaan-ons-twee-jaar-lank-uit-dae. Begrip en finansiering vir die ons-wil-trou-pa-dae. Plus 'n magdom ander finansiële dienste vir al jou jongdae. Kom gesels met jou Volkskas-bestuurder. Hy verstaan.

Volkskas

Jou bankgenoot deur dik en dun.

# perspektiewe en dinge

louis de villiers



DIE klein kêreltjie het by die bioskoop uitgestap, geskok deur *Class of 1984*. Sy gesig het die tragiese verhaal vertel van die talle vergeefse veldslae wat Mytolac, Metinox en Clearasil jare gelede teen sy aknee geveg het. In die Dros het hy almal vermaak met gedetaileerde weergawes van die moorde en verkragtings wat Mark Lester aan gehore opdis in *Class of 1984*. (Lester is natuurlik beter bekend as die oulike blondekoppie wat Where is Love? in *Oliver* gesing het.)

Toe het die akneegesiggie sy drankasem oor sy koshuis se eerstejaars gaan uitblaas om seker te maak dat hulle hul plek in die huishiërargie ken. Hy kon geen verband tussen die fliek en die doop sien nie.

Dis hoog tyd dat seniors op Stellenbosch kliniese sielkundiges begin sien oor hulle seksuele frustrasies,

Tradisie is glo die groot dryfveer agter die barbaarsheid. Dit sal menige fossiel tot groot gerustheid stem om te weet dat die Maties so besorg is oor tradisies. Slawerny was ook 'n tradisie, maar omdat tradisies wat ten koste van ander beoefen word, geen bestaansreg het nie, het slawerny verval. Doop kan gerus dieselfde pad loop. In elk geval, alle Afrikaansnasionalistiese dopers moet hulself vergewis van die feit dat doop 'n Engelse tradisie is, en derhalwe geen bestaansreg op 'n kampus wat glo ten alle koste sy Afrikaner-nasionale karakter moet behou. Dis egter waar dat geen selfrespekterende Engelse universiteit meer doop nie. Synde dat ons hulle gevolg het met die instelling van die "tradisie", kan ons hulle nou maar gerus volg met die afskaffing daarvan.

Daar word ook vertel dat doop geskied om die eerstejaars se onthalwe; dat dit eintlik 'n onselfsugtige daad aan die kant van die dopers is. Die eerstejaar word afgebreek en weer opgebou, weet voorstaanders van doop te vertel. Sommige van hulle glo dit selfs.

Nou is dit so dat om niemand af te breek en weer op te bou 'n baie ingewikkelde sielkundige proses is. Baie min indien enige dopers het al gevorderde sielkunde baasgeraak. Wie de duiwel gee hulle die reg om met iemand anders se geestetoestand te speel?

Ontgroening is net so 'n daad van geweld as die dade van die stouterds in *Class of 1984*, wat blykbaar een van die gewildste films op Stellenbosch was tot dusver vanjaar, ten spyte van die feit dat dit onoorspronklik, tegnies vrot en taamlik siek was.

In Pieke is eerstejaars vanjaar geöriënteer en nie gedoop nie. Snaaks genoeg, niemand van hulle "hou hom wit" nie. Hulle is, uit waardering vir die feit dat lojaliteit nie kunsmatig in hulle kele afgedruk is nie, lojaal aan hulle wyk. 'n Eerstejaar wat vreemd is op Stellenbosch sal in elk geval nie tuis genoeg voel om hom by aankoms "wit" te hou nie.

As niks verander in die stelsel nie, sal dit 'n skande wees. Daar is oorgenoeg mense wat teen doop is om ten minste 'n groot lawaai en 'n reusestank oor die aangeleentheid te maak, in plaas daarvan om almal in stil hoekies te sit en kla daaroor. 'n Mens kan ten minste probeer sorg dat die Klas van 1984 geörienteer word, en nie gedoop word nie.

En as ons niks kan doen aan die saak nie, kan ons agteroor sit en duim vashou dat die Klas van 1984 eenvoudig almal sal wegbly tot ná orienteringsweek.

# A Question of Balance



**Little boxes on the hillside**
**little boxes made of ticky-tacky**
**and they all are wooden boxes**
**and they all look just the same**

**Pete Seeger**

# Alfa en Oméga...



Psalm 103:1

**Loof die Here o my siel en alles wat binne in my is Sy heilige naam.**

# Groter vryheid vir gekleurdes?

**Uit die SR en SP**

DIE mosie "Dat hierdie SP die universiteitsowerheid versoek om in oorleg met die regering en die SP ondersoek in te stel na die moontlikheid om die beperking ten opsigte van gekleurde studente aan die US op te hef" was die hoogtepunt van 'n SP-vergadering wat op 22 Februarie 1983 in die Vrouevereningingsaal gehou is.

Die voorsteller van die mosie was mnr. Panayotis Stais. Mnr. Nick Myburgh, voorsitter van die Stellenbosche Studentetak van die Nasionale Party, was die sekondant.

Mnr. Stais het gesê dat hierdie mosie teen die agtergrond van die "Nuwe Bedeling" gesien moet word. Die mosie vra realisme en 'n nuwe werklikheidsbesef.

Mnr. Myburgh het gesê dat die Universiteitsowerheid met die toelating van anderskleuriges die praktiese probleme moes voorsien het. Veral die kwessie van dans en toelating tot koshuise is sensitiewe aangeleenthede. Hy is nie noodwendig t.g.v. integrasie op dié terreine nie, hy wil net hê dat 'n ondersoek geloods moet word.

Hy doen 'n beroep op die sin vir regverdigheid en menslikheid sodat stappe gedoen word om mede-Suid-Afrikaners te akkommodeer.

Die oorspronklike mosie is met vyf lede buite stemming aanvaar.

'n Mosie van mnr. Schneeberger dat daar oor sekere mosies op versoek van 'n voorsteller met anonieme stembriefies besluit sal word, is afgestem.

Hewige bespreking is uitgelok deur 'n mosie oor anonieme briewe in *Die Matie*. Mnr. Christo van Heerden het voorgestel dat briewe in *Die Matie* wat bewerings of beskuldigings oor enige instansie van die Studenteunie of Administrasie bevat, die volle naam en adres van die skrywer moet byhê.

In die daaropvolgende bespreking is gewys op die praktiese probleme wat ontstaan by die toepassing van so 'n vaag-gedefinieerde reël.

'n Amendement dat alle briewe name moet byhê, is ook afgestem. 'n Lid het die voorbeeld van ontgroening genoem. Sy het gesê dat 'n student in so 'n geval d.m.v. 'n naamlose brief sy griewe kan lug sonder gevaar van intimidering.

Na 'n lang bespreking waarin die kompleksiteit van die kwessie al hoe duideliker geword het, is 'n afstapmosie aanvaar.

Me. Lizbé Vos het voorgestel dat die tekort aan Matiedagboekies wat tydens registrasie ontstaan het, aangevul word. Dit is eenparig aanvaar en mnr. Deon Rossouw het verduidelik dat die probleem ontstaan het omdat 3 000 van die boekies gesteel is. (Sien berig op bl. 7).

Drie nuwe SP-lede is in die onlangse tussenverkiesings onbestrede verkies:
Aurora: Werner Obermeyer
Oude Molen: Pieter Stemmet
Wilgenhof: Vonnie Mostert.

# INITIATION UNDER FIRE:

# 'Treatment of first years unchristian?'



IN this article, the writer asks that the "annual humiliation of first year students" be examined.

WHAT good there is in initiation, is being destroyed!

**People who share the opinions expressed here may not totally reject initiation. Indeed, looking at its stated objectives, camaraderie and lessons learnt, it has immense value! Sadly, there are incidents which do not accord with Christ's teachings and infringe upon (debatedly) an individual's freedom.**

Challenging this tradition may not be a good idea, for much of this university's stability may rest on tradition.

However, when a tradition starts to endanger a university, it is time that it was examined. Though initiation is less talked about these days, there are still many problems. These problems vary, but I believe that they have a common basis from which comments can be made.

Objectives attached by residences to their initiatin are usually considerate and highly principled. The problem is the way in which they are achieved. Here we cannot accept a theory that the end justifies the means. It is neither biblical nor moral.

A negative attitude dominates much of initiation. We are constantly "encouraged" to improve ('bykom') with severe reprisals if we do not.

Encouragement is generally a "reward" for instant obedience. Perhaps it is felt that a negative attitude is vital in



THE end does not justify the means of initiation.

regimentation and "winning cooperation".

If this manner is taken to be best, people cannot want to be aware of the obvious alternative. Why not be positive, encouraging and reprimanding when such is due! How can we say that a negative, "forced" introduction is as good as a friendly, welcoming one?

Situations where a junior is told he's lying and that he may not defend himself because he is a junior, are unacceptable. This also applies when a first year is forced to lie. Such actions contradict the principles of the university. What right does someone have to question a junior's integrity before they know the person?

Yet juniors look for an example to these seniors who annually drop to such unprincipled levels. **They are using a ready-made situation to "control" the first years.** Will someone please explain whether this "privilege" is a reward for reaching the second, third or fourth year?

If it is, I decline the "honour", for a privilege based on such qualifications is hardly one to be proud of!

The society within a university is not, was not and will never be a homogenous one.

Does a sensitive individual have no opportunity to make a unique contribution to his residence?

**We cannot afford to let an abnormal situation be the final entrance qualification for a res.**

Conformity is easy, but



MENINGS-AKTUEEL

GAVIN FISH, vice-chairman of the SCA (Students' Christian Association) wrote this article.

justifiable individuality is difficult and must therefore be considered for what it is.

The day that individuality is expelled by group regimentation will be a sad one indeed!

Juniors, being kept frantically busy doing nothing, have the opportunity to observe seniors. It is strange, that after initiation, those seniors who seemed nastiest may become very friendly, their true selves. Why then the "mean streak" for such a short time?

In unusual circumstances, early morning swims and runs may be tolerated. But, brutality and a lack of sleep have no place. Blood noses, tackie beatings and bullying in darkened rooms are annually debated.

Poor academic and sporting performances are often the result! We are a privileged 3% of the population at an academic institution, yet, are we tolerating anti-academic activities?

More dangerous, however, is the psychological damage done. People who harp on character weaknesses and physical problems, have no place in a residence. Once again, **an individual's sensitivity is ignored in the "higher interest" of the group.**

Thus, can we allow a few days of initiation to have a lasting negative effect on a person?

Criticisms are made because we believe there is a viable alternative. We propose a programme with methods as principled as the objectives. These would include a positive welcoming attitude; where **seniority is more a responsibility than a privilege,** no-one is so unhappy that he leaves, where there is no harm because of physical and psychological pressures; where group activities, residence-morale and membership are encouraged.

This isn't an idealistic, unreal fantasy. A disciplinary committee would be a vital part of the system, reprimanding those breaking rules.

Still, the acceptance of residence rules (which are official) is a prior condition to entering a res. The committee would discipline individuals when problems arise. The present system attempts to treat everyone alike, as if they weren't individual personalities.

As a Christian I feel that it is important to offer a positive alternative. To remain silent on a matter of personal opinion is one thing, **to remain silent on a matter contrary to Christian belief, is wrong!** That belief is that the end does not justify the means!

# UCT rector's wife dies

MRS NOREEN SAUNDERS, wife of the Principal and Vice-Chancellor of the University of Cape Town, died from a gunshot wound at her Rondebosch home last Saturday.

Professor John Reid, Vice-Principal of UCT, and the SRC of the university paid tribute to Mrs Saunders.

Professor Reid said Mrs Saunders was a warm-hearted person with the knack of putting people at ease and making them feel at home.

She was founder trustee of the African Scholars Fund, an executive member of READ which is providing township schools with libraries, president of the UCT Staff Wives Club and a Rotary Ann.

She never carried out her work in a fanfare of publicity but approached it with deep sincerity and dedication.

The SRC said in a statement that it was "terribly shocked" by the tragic death of Mrs Saunders.

Mrs Saunders was found dead by her husband. No crime was suspected.

Mrs Saunders leaves her husband and two children, John 18, and Jane, 16.

A memorial service was held for her at the St Stephen's Church in Pinelands.

# Parkering: versoek

DAAR is tans 'n groot tekort aan parkêerplekke op die Akademiese Kampus.

Slegs 'n beperkte getal parkeerplekke is vir studente beskikbaar, waarvoor aansoek gedoen moet word by Kampusverkeer, Merrimanlaan 60.

Studente word dus dringend versoek om nie op die kampus te parkeer as hulle nie toestemming en die nodige parkeerskyfie op hulle motors het nie.

# Politiek en Kroniek van G.A. Thoonissen

VIR Gotlieb Antonie Thoonissen was die week van die aanvang van die akademiese jaar 'n benouende een. Die hele tyd was hy bedag op 'n Onverwagte Skok, iets soos die profeet Miga se Onafwendbare Oordeel. Maar selfs die genade van hierdie voorbedagtenis kon hom nie vrywaar van die pynlike ervaring met die weersiens van sy troue vriend, Filos Frisou, nie.

En toe Gotlieb die dapper vasberadenheid sien waarmee Filos sy gipsbeen verduur, ten spyte van sy pyndeurdrenkte gelaat, skiet Gotlieb A. se gemoed hom vol en in 'n trillende stemtoon, gedik deur emosie, passeer hy 'n mosie van Ongebreidelde Simpatie, Deelneming, Meegevoel en Spoedige Beterskap.

Aikôna Verder (Kôna vir haar maatjies) lui die jaar toe in: Damestudente is apaties, straal sy.

'n Paartie? ruk 'n onderbeligte lid van heel regs uit sy sluimering. Waar's die paartie en indien wel hoekom is ons nie genooi nie? Ten spyte van Kôna Verder se striemende kyk, raak die onderbeligte lid nou eers opgewarm. Neewragtag, seg hy, uit hoofde van ons besondere Posisie op die kampus, is dit imperatiwies dat ons ook genooi word en . . . Kôna Verder probeer iets sê maar die Onderbeligte loop nou op al sy silinders: Swyg niggie, sê hy in sy 1948-stem, as broeders wat glo in die Saak van die Volk, dring ons daarop aan . . . en Kôna werp haar op Saam Harekam se skoot en gaan hartstogtelik aan't ween en Saam sê toemaar toemaar maar soos Antjie K. ween en ween sy so hel alleen.

Met dié kom 'n oorbeligte lid van heel links op die been en vanuit die nuutste uitgawe van die Deurbraaksel begin hy 'n rympie voorlees terwyl sy luitenante uitgeslape die onderbeligtes se aandag hou met 'n potjie snêp. Hy lees: Die Broeders vorm 'n bond / en dink niemand ruik lont / terwyl soos 'n brandsiek hond / hulle verstik in hul eie . . . pap en wors, eindig hy plotseling en breek blosend 'n wind.

En toe Saam Harekam sy sopnat belipstiekte hemp — onsuksesvol — vir sy vriendin probeer wegsteek, wou sy sy storie nie sluk nie. Aikôna, het sy haar kop geskud. Toe Saam daarop depressief begin giggel was die hel plusminus los.

(Ook die GOMLASTIEKGOGGA se moer was erg geroer. Maar om 'n gans ander rede. Eenpluseenpluseen is gelyk aan drie, moes hy opnuut ontstemd besef. En te midde van hierdie magteloosheid (want drie minus drie is nul, niks, zilch, bôggerôl) het hy sy plek op die balk bo die plafon ingeneem. En saam met professor Van Brakel en Sarel Swaard het hy die manewales van die SR betrag. Maar die GOMLASTIEKGOGGA se gedagtes was wyd, en elders)

**Barend Vos**





20% Afslag Vir Studente

VANAF

3 MAART

TOT

10 MAART



## U.S. KARNAVAL BIED AAN

# "MATIES DAY AT THE RACES"

**PLEK:** CAPE TURF CLUB MILNERTON **DATUM:** 12 MAART 1983 11h30

KAARTJIES BESKIKBAAR BY KARNAVALKANTOOR EN DEBUTANTES @ **R3,00**

**TEMA:** GREAT GATSBY

**LOTINGSPRYS VOLGENS KAARTJIENOMMERS:**
HALSSNOER (PENDANT) TER WAARDE VAN R800,00 GEBORG DEUR UWE KOETTER

**BESTE GEKLEDE PAARTJIEPRYS:**
JUWELIERSWARE TER WAARDE VAN R265,00 GEBORG DEUR ETC DIAMANTE


**VRYE TOEGANG TOT LEDE-AREA. ETES; VERVERSINGS; DRANKIES BESKIKBAAR**

**TAMBOERNOOIENTJIE-OPTREDE**

# eet en dans op s'bosch

## ARIZONA SPUR

STEAK
RANCH



Spur people know and care about food.
Meals from 11 a.m. till midnight.

*Fast, excellent service*

# PIZZERIA

**DIE BESTE VLAMOONDPIZZAS**
**IN DIE DORP**
(AGTER W.P. KELDERS)

***ALMAL WELKOM***

## MEET YOU AT MIDNIGHT





**GRILLS**
PAN FRIED STEAKS
**HOME BAKES**
CHERRY PIE • CHEESE CAKE
APPLE PIE • CARROT CAKE

| | |
|---|---|
| ONTMOET U VRIENDE VIR DIE BESTE KOPPIE KOFFIE IN DIE DORP, BY | MEET YOUR FRIENDS FOR THE BEST COFFEE IN THE VILLAGE, AT |

## d'Ouwe Werf

KOFFIETUIN/COFFEE GARDEN




Bedien middagete tussen 12 en 2

**R2,50**

## MEET YOU AT MIDNIGHT




OPEN FROM 11AM TO 2AM DAILY
SUNDAYS 12PM TO 12PM
NOT LICENCED
**DRESS SMART CASUAL**

# Loeloeraai

Maties se eie à la carte braai-restourant vir heerlike geregte in puik atmosfeer teen billike pryse. Gelisensieer vir mout en wyn.

Oop alle aande behalwe Dinsdae en Sondae vanaf 18h00 tot 11h30. Besprekings kan daagliks gedoen word by tel. 77667, 77670 of na 18h00 by 77864.

AN INVITATION TO DIE OU STAL

TO DRINK, DINE & DANCE — ALL AT ONE VENUE
- Ladies Bar
- Bar luncheons plus
- Set or à la Carte Menu's

DINE & DANCE TO A BAND EVERY WED, FRI & SAT

BIRD STR.
STELLENBOSCH
TEL. (02231) 72930


COETZENBURG HOTEL

# breughel

**Hierdie knus kafee-teatertjie bied kultuuraangeleenthede in die kleine (soos poesie-opdrag, toneel, cabaret, kuns uitstalling ens). Besoek ons gerus; ons het ook versnepperinge.**

**Tye: 12.30nm-2.30nm — 7.30nm-laat**

**Op Maandae gesluit**



DIE nuwe Studenteraadsaal.

## R16 000:

# Gemengde gevoelens oor vernuwing van raadsaal

DIE Studenteraadsaal is teen 'n koste van R16 000 nuut ingerig. Dit is deur die Trustbank geborg. Oud-Studenteraadslede was ingenome met dié vernuwing, terwyl daar stemme uit die studentegemeenskap opgegaan het teen so 'n besteding van geld.

Die hoofbestuurder van die Trust Bank, dr. Chris van Wyk, het die nuwe saal in November 1982 geopen. Agtien oud-voorsitters van die Studenteraad en die lede van die huidige Studenteraad was teenwoordig.

Die bedrag wat deur die Trust Bank geskenk is, het dit moontlik gemaak dat embuia-panele die mure bedek, sybokhaar-gordyne gehang kon word, en 'n nuwe mat en nuwe embuia-meubels aangeskaf kon word. Die Studenteraadsfoto's teen die mure is ook herrangskik.

### Leiers

Dr. Van Wyk het in sy toespraak gesê dat studenteleiers en ander jeugleiers geneig is om politieke leierskap as die enigste betekenisvolle leierskapsgebied in die land te sien. Hy het gesê dat hulle die waarde van bydraes wat in die ander sektore soos die nýwerheid gemaak word, onderskat. Hy het studenteleiers aangemoedig om hulle so goed moontlik te bekwaam en om ook op ander terreine as die politiek na leierskap te streef.

Behalwe vir 'n sterk positiewe reaksie vanaf oud-studenteraadslede is daar ook kritiek teenoor die Raadsaal uitgespreek. In *Die Matie* van 14 Oktober 1982 het 'n brief verskyn waarin 'n student vra hoe die Studenteraad dit aan die studente-unie kan regverdig dat R16 000 gespandeer word aan 'n raadsaal slegs vir hulle gebruik. Die student sê ook dat die vorige saal al jare en sonder klagtes gebruik is.

Mnr. Cecil Murray, Studenteraadslid vir SPOG en Publikasies, sê hierop dat daar onthou moet word dat die geld geensins raak aan die Studenteraad se begroting nie, omdat die onkoste in geheel gedek is deur die Trust Bank. Hy sê dat die ou saal glad nie aanskoulik was nie, en 'n saai plek was om te vergader. Daar is nou ook alternatiewe vergaderplekke beskikbaar, soos die Verenigingsaal in die Landboutegniesedienstegebou. Vir privaatkoshuise en verenigings is die Regter Van Zijlsaal in die Langenhoven Studentesentrum beskikbaar.

### Atmosfeer

Mnr. Murray voel dat die Raadsaal mooi inpas by die historiese atmosfeer van Stellenbosch. Dit is baie soos 'n argief ingerig en dis 'n besoek werd.

# Kommissie besig met nuwe ondersoek na ASB-reaffiliasie

DIE kommissie van ondersoek na reaffiliasie by die ASB het reeds met hulle werksaamhede begin. Die ondersoek is verlede jaar deur die Studenteparlement aangevra.

Stellenbosch het hom in 1968 van die ASB gedisaffilieer. Die laaste poging tot reaffiliasie was in 1979, maar dit is in 'n referendum met 55% teen 42% verwerp.

Volgens mnr. Panoyiotis Stais, voorsitter van die kommissie, handel die ondersoek oor verskeie relevante aspekte soos Stellenbosch en die ASB se onderskeie rolle binne die Afrikaanse en Suid-Afrikaanse samelewing. Elkeen van die kommissielede dek 'n spesifieke studiegebied. Die ondersoek word *in camera* gedoen, en hy wou hom nie verder daaroor uitspreek nie.

Buiten mnr. Stais is nog vier lede tot die kommissie verkies, nl. mnre. Nic Myburgh (sekretaris), Hendrik Verwoerd, Cecil Murray en Arnold Smit.

Ná die kommissie se eerste vergadering is besluit om twee verdere lede te koöpteer. Die volgende twee persone op die SP-nominasielys is genader, nl.: Annami Oosthuysen en Vanessa Geldenhuys.

Die vyf kommissielede wat deur die SP verkies is, het volgens gerugte hulle in die verlede ten gunste van reaffiliasie uitgespreek. Die geloofwaardigheid van die ondersoek is daarom bevraagteken.

Mnr. Stais se kommentaar was: "Dit is jammer dat die geloofwaardigheid van 'n kommissie, aangestel deur die hoogste gesaghebbende liggaam op die kampus, betwyfel is nog voor hulle met die werksaamhede begin het."

Die kommissie het eenparig besluit dat hoe hulle aanbevelings by die studente getoets gaan word nie binne hulle opdrag val nie. Mnr. Stais kan dus nie voorspel of dit in die SP of deur 'n referendum gedoen sal word nie.

Volgens die grondwet van die studente-unie word die SP deur die referendumbesluit van 1979 teen reaffiliasie gebind, en kan die teendeel slegs per referendum besluit word.

Me. Geldenhuys het twee weke gelede bedank. Dieselfde prosedure as in die verlede sal gevolg word om 'n nuwe lid te koöpteer.

## Griet borg Matie

GRIET se Akademiese Boekhandel borg vanjaar die beste verslaggewer en redakteurkompetisie. Die kompetisie word vanjaar ook uitgebrei na die fotograwe. Daarvolgens sal met elke publikasie van *Die Matie* 'n prys van R10 aan die beste verslaggewer, redakteur en fotograaf uitgeloof word.

Die doel van die kompetisie is om die redaksielede aan te spoor om harder te werk en beter werk te lewer. Mnr. Ian Theron, die vorige hoofredakteur van *Die Matie* het met die kompetisie begin. Die kompetisie is eers deur Old Mutual geborg en die prysgeld het R5 beloop.

# *Nuwe studentegroep vir Christene gestig*

PRETORIA — 'n Christelike studiegroep is in September verlede jaar hier gestig. Hierdie groep, die Reformatoriese Studiegroep van Afrika (RESA), wil 'n permanente forum vir diepgaande studie van sosio-politieke probleme skep.

Deurdat mense uit verskillende agtergronde nou menings kan wissel en evalueer, word begrip en vertroue tussen Christene geskep.

'n Duidelike bewys van die ernstige behoefte aan 'n groep soos RESA blyk uit die geweldige styging in ledetal sedert sy stigting. Kpl. Renier Koegelenberg, 'n oud-tokkelok van Matieland, is een van die stigterslede.

Sekere vertrekpunte dien as riglyne in RESA se bestudering van Suider-Afrika. Die ingewikkelde posisie van die Kerk geniet veral aandag deurdat baie klem op die strewe na eenheid in Christus gelê word.



PROF. WILLIE JONKER kyk met afwagting na dié ontwikkeling.

Die Kerk moet sy belangrike verantwoordelikheid teenoor die samelewing sowel as die staat uitleef. RESA erken dat hy nie al die antwoorde vir die sosio-politiese situasie in Suid-Afrika het nie. Daar moet egter klem op gemeenskaplike belange gelê word asook op voortdurende selfondersoek oor rassisme. Versoening vind nie ten eerste deur middel van wetlike veranderinge plaas nie, maar wel in die hart van elke christen gelowige.

Mnr. C. Lombard, Bybelkundedosent aan die Universiteit van Wes-Kaapland, sien gevaar daarin dat RESA slegs in 'n teoretiese besprekingsgroep kan ontaard. Hy is egter bly dat daar wel 'n poging tot kontak en die verbreking van isolasie gemaak word.

Prof. Willie Jonker van Stellenbosch se kweekskool het gesê hy vind geen fout met die doelstellings van die groep nie. "Dit is met afwagting dat ek dié ontwikkeling, wat daarop gemik is om 'n goeie ideaal te bereik, dophou."

peter eckert
HAIR FASHION



**PETER ECKERT** of **ECKERT FASHION** and his team are ready to give you the great new look

At **ECKERT HAIR FASHION** you will get the necessary self-assuredness and individuality every woman deserves. CONFIDENCE . . . if you weren't born with it you can get it at **ECKERT**

WE KNOW ABOUT HAIR

Closed on Mondays and open on Saturdays all day for that last minute hair-do before your date

**Open on Easter Saturday**

De Canha Centre
1st Floor
Cnr. Merriman & Andringa Str.
**STELLENBOSCH**
**TEL. 70780 or 70723**

**LEERLINGREKENMEESTERS**

Brink, Roos & Du Toit het vakatures vir studente met B. Rek. of B. Rek. Hons. wat hul as Geoktrooieerde Rekenmeesters wil bekwaam.

Ons bied

- **Mededingende vergoeding**
- **Wye ondervinding**
- **Georganiseerde indiensopleiding**
- **Mediese fonds en groepversekering**
- **Sport- en ontspanningsfasiliteite**

Skakel of skryf gerus aan enigeen van die volgende kantore:

| Kantoor | Telefoon | Posbus |
|---|---|---|
| Kaapstad | (021) 412679 | 1647 |
| Bellville | (021) 971831 | 168 |
| Paarl | (02211) 23141 | 226 |
| Ceres | (0233) 21140 | 99 |
| Moorreesburg | (02642) vra 348 | 162 |
| Opleiding (Bellville) | (021) 979608 | 951 |

*Indien u belangstel in 'n betrekking by van ons kantore elders in die Republiek, kan u meer inligting oor hul by enigeen van bogenoemde kantore verkry.*



WERKERS in Neelsie, besig om kos voor te berei.

## USME NA GRENS:

# 'Kamp suksesvol' – met probleem of twee

USME, die Universiteit se militêre eenheid, het gedurende die vakansie vir die eerste keer militêr geopereer. Die eenheid is vir 'n plaaslike taak en ander take sowel as vir grensdiens gebruik.

Kol. A.W. Bester is baie ingenome met sy manne se optrede. Hy het aan *Die Matie* gesê dat daar in die SAW met lof van USME gepraat word. Die kern van "ou manne" sal die eenheid se esprit de corps uitbou.

Studente wat 'n her-eksamen moes aflê, kon kies tussen die plaaslike kamp of grensdiens. Daar is ook onbetaalde studieverlof aan hulle toegestaan.

Die manne was redelik positief oor die kamp, maar die meeste van hulle het sekere probleme aangevoel. Die grootste hiervan was die oormaat offisiere en onderoffisiere. Buiten 'n peleton manskappe was daar ook 'n peleton elk van offisiere en peletonsersante.

Van die manne voel dat daar in dié verband op beloftes van verlede jaar teruggegaan word. Kol. Bester het gesê dat alle universiteitseenhede 'n wanbalans tussen die leiergroep en manskappe ondervind. Offisiere het die geleentheid gehad om na eenhede van hulle eie keuse afgedeel te word, en baie het só met die SAKK diens gedoen. Die res het verkies om saam met USME te gaan.

"Dit word erken dat hierdie wanbalans 'n probleem is en 'n nog groter poging sal in die toekoms aangewend word om USME-lede volgens hulle rang te benut."

Personeel kon ook nie altyd aangewend word vir die doel waarvoor hulle opgelei is nie. Volgens kol. Bester was dit slegs die geval met 'n paar pantserlede wie se oproepinstruksies gekanselleer was, maar nogtans besluit het om saam te gaan. Hulle het voor die tyd geweet dat hulle as infanteriste aangewend sou word.

Die infanterie-, gemeganiseerde infanterie- en lugafweermense is as infanteriste in 'n teen-insurgensierol aangewend omdat hulle behoorlik opgelei is om dié taak te kan doen. Hy erken dat daar belowe is dat elkeen in sy spesialiseringsgebied aangewend sou word en hieraan sal nog aandag gegee word.

Manne wat aan die grens diens gedoen het, het aan *Die Matie* vertel dat die kolonel versoek het dat hulle nie met dié koerant oor probleme moet gesels nie. Hy het in antwoord op 'n vraag hieroor gesê dat hy 'n beroep op hulle gedoen het dat die eenheid uit een mond moet praat, om so eenheid daarbinne te bevorder en sodat daar 'n gekonsolideerde weergawe van aktiwiteite is.

Hy het gesê dat hy nie *Die Matie* se bevoegdheid om oor probleme berig te gee, bevraagteken nie.

In geheel gesien, het hy gesê, was die kamp baie suksesvol. "En ek was besonder beïndruk met die pligsgetrouheid waarmee die manne hulle taak aangepak het."

Môre hou die eenheid 'n vleisbraai vir almal wat die kampe bygewoon het. Navrae hieroor kan by me. D. van Zyl (tel. 77815) gedoen word.

# *Studente vra vir gelyke betaling*

BLANKE studente wat by die Loeloeraai werk, verdien sestig persent meer as hulle bruin kollegas wat op hul hoogste skaal by Neelsie is. Dit sluit nie oortyd en bonusse in nie.

'n Aantal van hierdie studente voel dat iets aan hierdie saak gedoen moet word. Hulle glo dat gelyke werk gelyke betaling regverdig. Hulle wil die Administrasie versoek om òf die lone van die werkers in die Neelsie te verhoog, òf hul eie lone te verlaag.

Volgens mnr. J.W.K. Treurnicht, die administratiewe hoof van die Neelsie, is die lone van die bruin personeel volgens die staatsdienskale vasgestel. Studente by die Loeloeraai verdien 'n minimum van R2,12 per uur en 'n vry ete. Die werkers in die Neelsie verdien tussen R105 en R282 per maand, afhangende van hul pos, ondervinding en geslag.

As byvoordele kry hulle gratis werksklere, gratis etes, vrywillige aansluiting by 'n pensioenfonds en gratis vervoer vir die aandskofwerkers.

Die werkers in die Neelsie werk ses dae per week, en hulle is een naweek per maand vry. Die werksure is verdeel in skofte van nege uur elk, wat 'n middagpouse en twee teepouses insluit.

As die studente vir nege uur per dag sou kon werk, sou hulle ongeveer R458 per maand verdien.

Op 'n vraag of daar by aanstellings in Loeloeraai 'n onderskeid tussen blanke en bruin studente gemaak word, het hy gesê studente word volgens hulle akademiese rekords en hul afhanklikheid van beurse aangestel. Daar was nog geen aansoeke van bruin studente nie. As 'n bruin student aangestel sou word, dan sou hy dieselfde loon as sy mede-studente ontvang.



VINCENT, 'n standerd een-leerling van Cloetesville, is fluks besig om te help om Neelsie skoon te hou. 'n *Matie*-fotograaf het hom vroeg Sondagoggend daar opgemerk. Vincent sê dat hy R1,00 sakgeld vir die werk verdien.


Griet

se

Akademiese Boekhandel

H/v Andringa- en Victoriastrate Stellenbosch 7600. Tel. 7-0712.

**Die enigste Akademiese Boekwinkel met dié alternatief —**

By ons kan u 'n keuse doen tussen
NUWE en GEBRUIKTE AKADEMIESE BOEKE
wanneer u u aankope doen

**Skryfbehoeftes • Tikwerk • Bindwerk**



# Die Drie Gewels staan vir idee

**M. BEKKRUIPER (skuilnaam vir 'n bekende varsity dropout) skryf:**

Stellenbosch is 'n verkragting van alles wat eers mooi in die Afrikaner was. Dis hoekom ek buite die dorp by die Drie Gewels-hotel bly. Ek voel die Drie Gewels-hotel staan ook vir 'n idee. As julle wil uitvind wat dit is, kom kyk en voel self. Man, dis psychedellic hier! Daar's Vrydae- en Saterdagaande 'n disco en jy kan doen wat jy wil. Daar word Engelse ook toegelaat. Die meeste mense kom na die disco vanaf Bellville, Penhill en omstreke. Die meeste van hulle weet nie dat Stellenbosch bestaan nie.

## Afrikaner

Ek beskou myself as 'n beter Afrikaner as ons rektor. Die rede is obvious. My sidewhiskers is effens langer as syne en ek luister na *Men At Work* saans na ses.

Die universiteitskonsep is uitgedien. Op Stellenbosch is daar te veel polarisasie. Almal blaf oor links en regs in die politiek. Ek het linkse radikale vriende op Stellenbosch wat dik boeke lees oor die werkersklas maar hulle was nog nooit in La Collien nie en hulle loop wye draaie om Tollies. Ek sê vir hulle: As julle regtig glo in die werkersklas en in Marx, gaan Tollies toe en stig 'n vakbond. (Julle sal dit nie regkry nie, hulle is almal KP).

## Kerk

Dan is daar weer die ander uiterste, soos die rubriekskrywer "Wie" dit so netjies uitgedruk het verlede jaar: "God en dit gaan selfs kerk toe." "Dit" bedoel die swart massas wat Sondae afstap in gelid om vir 'n uur te gaan sit en voel hoe hulle skoene hulle druk.

## Sonskyn

Dink julle werklik (sê ek aan diegene) dat Suid-Afrika se klimaat hom leen tot Calvinisme? Het God ons nie dalk hier geplaas juis om die sonskyn en die strandoorde te geniet nie? Ek weet ek klink soos 'n humanis en ek weet die Renaissance het nog nie in Suid-Afrika begin nie (of as dit het sien 'n mens dit nie op TV nie) maar ek glo wat my oë en ore my vertel. Dis hoekom ek voel julle moet liewer Vrydae en Saterdae Drie Gewels toe kom en Sondae strand toe gaan sover die studies dit toelaat. 'n Mens kan baie beter idees op die stand opstel en dis waar dat ons as Afrikaners die grootste rol kan speel. (Dink net hoe rasse-verhoudinge nie kan verbeter as almal in die land op die ou end ewe bruingebrand is nie.)

Kom nou, stoere Afrikanerseuns en -dogters, vergeet julle politieke verskille en doen meer vakansiewerk elders in die land sodat julle kan agterkom watse jol dit eintlik is om in Suid-Afrika te woon, en hoe interessant dit is om mense van alle rasse en tale te ontmoet (soos byvoorbeeld Engelse) (by Drie Gewels) (en so aan).




# Hekke frustreer vryers

**CASSANOVA** skryf:

Ek wil graag 'n redelike sakie aanroer.

Die saak staan so. Sekere natuurlike instinkte lei my en my geliefde redelik gereeld na die pad verby die Coetzenburg-rugbyvelde na Vergenoeg. Dit is een van die min plekke waar verliefde studente in vrede en privaatheid kan verkeer terwyl die rivier sagte agtergrondmusiek verskaf.

Nou ja, dit was die situasie tot nie te lank gelede nie. Ek moes toe een aand tot my ontsteltenis ontdek dat een of ander wyse(?) of oorywerige(?) kêrel die hek gesluit het. Die resultaat was (in chronologiese volgorde): 1) 'n verkeersknoop by die hek; 2) 'n stamperige jaagtog na die uitgang by Vergenoeg (iemand het spoedwalle gegooi); 3) 'n boete vir laat inkom by haar koshuis; en (4) 'n klomp gefrustreerde studente en etlike liter kosbare petrol gemors vanweë die ompad.

## Sleutel

Nou wil ek mooi vra — sal die persoon wat die sleutel het, nie òf die hek permanent oophou en die sleutel weggooi òf as hy dan die hek moet sluit, dit eers ná 01h00 doen nie?

Indien dit om veiligheidsredes gedoen word, sê ek baie dankie, maar dis nie nodig nie. Daar is baie ander meer gevaarlike plekke op die kampus.

**BRIEWE van persone wat onder hul eie name skryf, sal voortaan voorrang geniet.**

# Is die SP laks oor ontgroening?

**MARISA HONEY, SP-lid, Aristea, skryf:**

Daar bestaan op die kampus van die Universiteit van Stellenbosch 'n unieke instelling, die Studenteparlement. Oor die algemeen word aanvaar dat hierdie liggaam na studentebelange omsien, en dat die lede van die Studenteparlement die probleme en belange van die studente-unie op die hart dra.

By die eerste SP-vergadering van 1983 het ek tydens Varia en Vrae 'n vraag aan die lede van die Studenteparlement gestel. Dit was oor 'n saak wat baie studente raak, maar waaroor min die vrymoedigheid het om uit te praat, vanweë die bangpratery van senior studente, by name die doopkomitees.

My vraag het as volg gelui: "Na afloop van die afgelope paar weke van eerstejaars-orientering, wil ek graag 'n vraag stel aan alle SP-lede van manskoshuise, sowel as dameskoshuise indien van toepassing.

"Ek wil graag weet hoeveel eerstejaarstudente hierdie koshuise vanaf 8 Februarie tot 22 Februarie tydelik of permanent verlaat het, om welke redes, en of enige geneeskundige of sielkundige behandeling vir hulle nodig was.

"Ek verwag nou slegs 'n voorlopige antwoord. Indien die gegewens egter verskil, moet dit asseblief later skriftelik bevestig word by die SR-kantoor."

Die reaksie op my vraag was, om dit eenvoudig te stel, dat ek verspot is om so 'n saak daar te opper. Is die SP dan nie 'n plek waar studente hulle probleme kan bekend maak sodat aandag daaraan gegee kan word nie? Is dopery nie 'n probleem wat baie eerstejaars ondervind nie? Ek het die vraag gevra nadat dit onder my aandag gekom het dat verskeie eerstejaarstudente tydens die sogenaamde 'oriëntering' beseer is. As dit wel is wat gebeur, is die oriëntering besig om uit hande te ruk.

In reaksie op my vraag het die Voorsitter van die SR gesê dat ek tot 1.00 nm op die betrokke dag tyd gehad het om 'n mosie oor die saak in te dien, en dat ek vir die volgende SP-vergadering 'n mosie kon indien as ek 'n bespreking oor die saak wou hê. Ek het gesê dat ek slegs 'n vraag gevra het waarop ek 'n antwoord wou hê. Ek wou ook nie die saak uitstel tot die volgende SP-vergadering nie, omdat dit iets is wat nou onder die mense se aandag gebring moet word. Eintlik was dit al reeds te laat.


Dit is jammer dat die SP, 'n essensiële spreekbuis vir studente-menings, blykbaar nie altyd beskikbaar is vir die opklaring van probleme nie. Veral wanneer 'n gevoelige saak aangeroer word, waar die meerderheid lede teen die spreker se standpunt is, is die lede blykbaar nie bereid om daarna te luister nie. Daarom maak ek nou maar gebruik van 'n alternatiewe spreekbuis om hierdie belangrike saak onder die studente-unie se aandag te bring.





*PC – 1500 met CE – 150 kassetkoppelvlak*




*MZ – 80B micro-rekenaar*



*PC – 1211 met CE – 122 kassetkoppelvlak*



*EL – 5100 wetenskaplike rekenaar*



*EL – 5102 finansiele rekenaar*

Gebruik Sharp logika.

Gee jou brein meer krag met Sharp se mikro-rekenaar stelsels en wetenskaplike rekenaars. Bv., die MZ80B, 'n gevorderde mikrorekenaar wat onbeperkte bewerkings en ingewikkelde grafiek patrone bied. PC1500, 'n geniale klein sakrekenaar met uitgebreide geheue en opsionele kleur grafiek drukker/kassetkoppelvlak. PC1211, begrotingsprys sakrekenaar met opsionele drukker/kassetkoppelvlak. EL5100, kragtige wetenskaplike rekenaar. EL5102, gesofistikeerde finansiele rekenaar. Skakel in by Sharp se skeppende tegnologie. Dis die logiese keuse.



*Ondersteun die Sharp Koshuis Liga.*

SHARP Lewenselektronika.

DIMENSIONS 8003

# *Rugby begin vanjaar vroeg*

**DIE rugbyseisoen skop vanjaar vroeg af met die toernooi tussen die eerstejaars en die eerste spanne van die verskillende koshuise wat op 7 en 8 Maart onderskeidelik begin.**

**Die eerstejaartoernooi, wat verlede jaar deur Wilgenhof en in 1981 deur Dagbreek gewen is, is 'n geleentheid vir al die nuwelinge op Stellenbosch om hulle kleim af te steek vir 'n plek in een van die klubspanne.**

**Met al die goeie rugbyspelers wat jaarliks Stellenbosch toe kom, kan 'n baie taai en interessante stryd verwag word. Dagbreek en Wilgenhof, tradisioneel die koshuise met die grootste rugbykrag op kampus, moet albei 'n goeie kans hê om vanjaar die eindstryd te haal, maar dit lyk asof Eendrag, naaswenners in die vorige twee jaar se kompetisie, sal sukkel om weer die eindstryd te haal.**

**Die eerstejaarstoernooi is egter altyd vol verrassings en elke span in die kompetisie het 'n kans om die kompetisie te wen.**

**Die toernooi tussen die eerste spanne beloof om 'n baie interessante een te wees. Daar is baie min te kies tussen die spanne met vyf spanne wat as gelyke gunstelinge wegspring.**

**Die huidige Sauer-liga kampioen Eendrag, se span het feitlik onveranderd gebly vanaf verlede jaar. Die spelers ken mekaar en behoort in staat te wees tot goeie samespel wat so vroeg in die seisoen van deurslaggewende belang kan wees.**

**Wilgenhof se span, wat eers aan die einde van verlede seisoen sy voete kon vind, het die voordeel dat hy al sy klubspelers, met die uitsondering van eerste span en Victoriane spelers, kan gebruik om sy span te versterk. Die ander spanne sal wel deeglik rekening moet hou met hierdie span van "Willows".**

**'n Ander span met 'n meer as gelyke kans is Dagbreek. Dagbreek het verlede jaar in die tweede semester net teen Medies verloor en met Eendrag afgereken. Die span sal ook verder versterk word deur al sy klubspelers.**

**Die "dokters" van Tygerberg en die manne van Elsenburg is twee spanne wat beslis 'n gelyke kans het teen bogenoemde drie spanne, op grond van hul vertonings in verlede jaar se Sauer-liga.**

**Die span van Mabré kan as die buiteperde beskou word en dit is hoog tyd dat Simonsberg weer van hulle laat hoor.**

# Matie-Bokke

PIETER KLOPPERS, 'n B.-Comm. (Regte) student in sy derde jaar, is iemand wat nog 'n groot toekoms voor hom het. Hy is 'n junior landloop Springbok en blink op die baan uit.

Pieter kom van Robertson. Hy was daar op skool en sy atletiekloopbaan het ook daar begin. In 1976, toe hy in standerd ses was, het hy begin hardloop. Hy is op skool deur Charles Faasen afgerig. In 1978 het Pieter vir die eerste keer provinsiale kleure ontvang en in 1980 het hy sy eerste SA titel in die 3 000 m vir seuns o.17 verwerf. Dieselfde jaar nog verbeter hy drie keer die SA rekord van Henning Gericke. Pieter se rekordtyd van 8 min. 16,4 sek staan nou nog. In 1980 is hy ook gekies vir die SA-skolespan.

## Rekord

Verlede jaar het Pieter die 3000 m vir seuns o.19 op die WP-kampioenskappe gewen. Hy het met hierdie prestasie die WP-span gehaal vir juniors, o.21, en seniors. In dieselfde jaar het hy ook sesde in die SA landloop kampioenskappe gekom. Die eerste sewe atlete het junior Springbokkleure gekry. Twee weke daarna, op Carletonville, het hy die SA prestige landloop kompetisie gewen. In November 1982 het hy 'n nuwe padloop rekord oor 16 km vir junior in Groenpunt opgestel.

Pieter glo daaraan om 'n mikpunt te hê, anders is jy dadelik verlore. Sy mikpunt is om onder 13,30 te hardloop in die 5000 m. Volgens hom sal dit nog 'n tydjie neem.

Wortelslaai is vir Pieter 'n lekkerny, maar atletiek bly sy stokperdjie en sy groot liefde. Hy geniet die kameraadskap van atletiek wat van die oefenmaats af kom. Om hard te oefen is nie altyd vir hom lekker nie, maar hy voel lekker daarna.

Na sy universiteitsopleiding wil hy graag op Stellenbosch atletiek afrig. Pieter is reeds besig om twee skool atlete af te rig. Hy het ook al by twee kursusse as afrigter opgetree. Hy rig af omdat hy glo dit leer hom dink oor sy eie foute en oefenmetodes.


## Geld

Pieter glo atlete moet nie te veel verwag van geldatletiek nie. Hy meen tog geld is die enigste manier om Suid-Afrikaanse atlete aan te spoor tot groot prestasies.

Die manier van afrigting in Suid-Afrika kan nog baie ontwikkel en daar is aanduidinge dat dit aan die gebeur is. Ons sal dan meer gereeld beter prestasies kan lewer.

Hierdie talentvolle jong atleet blink nie alleen op die baan uit nie, maar ook van die baan af. Hy dien onder andere in die atletiekbestuur as redakteur van die *Coetzenburger*. Hy dink 'n mens moet saam met jou doelwit te lewe, daarom moet dit 'n leefwyse wees om atletiek te doen en jy moet baie lees oor die onderwerp.

Pieter se hele lewe is atletiek en daarom is hy van plan om 'n groot sukses daarvan te maak.



**PIETER KLOPPERS, junior landloop Springbok. Die foto is geneem in 1980 tydens 'n byeenkoms op Oudtshoorn waar Pieter vir die eerste keer die Suid-Afrikaanse rekord in die 3000 m vir seuns o.17 verbeter het.**

# Krieketprogram

DIE koshuiskrieketprogram vir die volgende twee weke lyk soos volg:

**3 en 4 Maart:** Oude Molen v Eendrag B, Wilgenhof v Simonsberg B, Huis Visser A v Huis Marais A.

**5 Maart:** Helshoogte B v Dagbreek B, Homré v Huis Visser B, Simonsberg C v Huis Marais B, Medies B v Eendrag B, Medies A v Helshoogte A.

**8 en 9 Maart:** Majuba v Eendrag B. Dagbreek B v Hombré, Huis Marais A v Eendrag A, Simonsberg A v Huis Visser A.

**10 en 11 Maart:** Libertas B v Oude Molen, Helshoogte B v Simonsberg C, Helderberg v Dagbreek A, Helshoogte A v Pieke.

**12 Maart:** Huis Marais B v Huis Visser B, Eendrag A v Wilgenhof A, Medies A v Dagbreek A, Medies B v Wilgenhof B.

**15 en 16 Maart:** Helshoogte A v Personeel, Huis Visser A v Eendrag A, Simonsberg A v Huis Marais A.

Jackie Jordaan

**Lees Beter — Studeer Beter**

'n Selfopleidingskursus vir senior skoliere en studente om vaardiger te lees en met groter sukses te studeer

Die titel van hierdie werk is selfverduidelikend: iemand met 'n leesprobleem het 'n leerprobleem. Lees is veel meer as 'n vaardigheid wat tot die aanvangsonderwys behoort. Selfs in geletterde gemeenskappe is diegene wat werklik kan lees, in die minderheid.

Vandaar dat die skryfster drie leesvlakke onderskei. Selfs op die eerste vlak, naamlik die linguistiese, is daar verskillende tegnieke wat elk in sy eie reg 'n bepaalde funksie het: loerlees, spoedlees en vluglees.

Op die tweede vlak, naamlik begripslees, moet daar verby die linguistiese vorme gekyk word om tot 'n ontleding te kom van die konteks en die begrippe wat daarbinne opereer. Dit is moontlik om ook op hierdie vlak deur oefening te leer om telkens sinvolle vrae aan die teks te stel.

Laastens is lees 'n kreatiewe aktiwiteit. Die leser se leeservaring moet bydra tot die slotinterpretasie wat aan die skrywer se betoog gegee word. Die leser moet nie net "tussen die reëls" lees nie, maar inderwaarheid die skrywer se teks aanvul en verbeter.

"Lees Beter — Studeer Beter" is 'n selfstudieprogram wat met behulp van 'n breë verskeidenheid oefeninge die leser in staat stel om genoemde doelwitte te bereik. Enigeen wat hierdie werk ter hand neem, kan slegs baat vind daarby.

**McGraw Hill Boekmaatskappy**
**Posbus 371 Isando 1600 (011) 36-1181**

'n Selfstudieprogram vir slegs **R19,95** wat uit 'n hardebankboek **en kasset** bestaan!



ZOLA BUDD, wat op sestienjarige ouderdom reeds die houer van twee junior wêreldrekords en sewe Suid-Afrikaanse rekords.

*ATLETIEK:*

# Rekords word verpletter by Boland Bankbyeenkoms

deur **Hugo Lambrechts**

DIE sestienjarige Zola Budd het verlede Dinsdagaand by die Boland Bank-atletiekbyeenkoms Coetzenburg se skare gaandé gehad. Budd het 'n nuwe junior wêreld-Afrika- en Suid-Afrikaanse rekord in die 3000 m vir vroue opgestel.

Die Vrystaatse skoolmeisie se rekord van 8 min 46,41 sek het die junior wêreldrekord met 9,62 sek verbeter. Budd het met die wêreldtyd haar sewende Suid-Afrikaanse rekord opgestel en daar wag 'n blink toekoms op haar.

Die polisieman van die Noorde, Johan Fourie, is ook besig om die rekordboeke te herskryf. Fourie se nuwe Suid-Afrikaanse rekord van 4 min 57,2 sek in die 2000 m is die sesde beste wêreldtyd tot op hede. Op 16 Februarie het Fourie ook die Suid-Afrikaanse rekord in die 3000 m op Coetzenburg met 2,5 sek verbeter.

## WP-rekords

Freddie Williams se goeie eindpoging in die 1000 m het aan hom 'n nuwe WP-rekord van 2 min 23,17 sek besorg. Tanya Peckham se wentyd van 2 min 10,61 sek in die 800 m vir meisies 0.19 het nog 'n WP-rekord in die slag laat bly.

Joa da Silva (UPE) het die 3000 m hindernis oortuigend met 8 min 32,58 sek gewen en so afgereken met Johan Daffue en die Vrystater Francois Annandale.

Die Matie Izak Kotze het die skare telkens laat asems ophou in die diskus en uiteindelik gewen met 'n afstand van 59,72 m.

## Mekka

Ander goeie vertonings was die 2,18 m in die hoogspring deur die Kovsie Christo de Wet en André Franken se 4,90 m in die paalspring. Charmaine Fick het die 400 m hekkies met 57,17 sek gewen en Hennie Kotze die 400 m met 46,13 sek.

Coetzenburg word weer beskou as die Mekka van atletiek na die junior wêreldrekord en vyf Suid-Afrikaanse rekords wat binne 'n week daar opgestel is.



JOHAN FOURIE, skitterende Springbokatleet van Noord-Transvaal in aksie in die 2000 m gedurende die Boland Bankbyeenkoms. Fourie het in die wedloop 'n nuwe Suid-Afrikaanse rekord van 4:57,2 opgestel. Die tyd plaas hom sesde in die wêreld. Fourie en Budd oorheers tans die middelafstande in Suid-Afrikaanse atletiek. Albei hierdie atlete het die vermoë om binnekort wêreldrekords op te stel.

# Zola Budd verstom met rekord op Coetzenburg

ZOLA BUDD se tyd van 8:46,41 in die 3000 m vir vroue was een van die aangrypendste vertonings op Coetzenburg in 'n lang tyd. Atletiekgeesdriftiges is nog stomgeslaan deur die manier waarop dié tenger meisie die junior wêreldrekord met amper tien sekondes verbeter het.

Die prestasie is nog merkwaardiger as in ag geneem word dat Zola slegs sestien jaar oud is, 37 kilogram weeg en kaalvoet hardloop. Haar afrigter, Pieter Labuschagne bekommer hom nie oor moontlike voetbeserings nie, omdat Zola hoofsaaklik op grasbane oefen. Sy hardloop ongeveer 95 kilometer per week en vir die toegewydheid word sy bekroon.



ZOLA BUDD

## Geskiedenis

Buiten atletiek gee Zola die meeste aandag aan haar skoolwerk en haar diere. Sy het in standerd nege reeds adademiese kleure verwerf. Sy is van plan om volgende jaar geskiedenis aan UOVS te gaan studeer.

## Toekoms

Zola sê dat sy nie baie van fliek en partytjies hou nie. Sy verkies die geselskap van haar diere; 'n perd, hond, kat en 'n muis.

Dat Suid-Afrika en die wêreld nog baie van hierdie jong Vrystatertjie gaan sien en hoor, is nie te betwyfel nie.

# Dagbreek wen sewende keer

deur **J.H. Roux**

DAGBREEK het hul onoorwonne status van sewe jaar behou deur weer eens die interkoshuisstoeikampioenskappe te wen. Die Dagbrekers behaal hierdie prestasie reeds sedert 1976. In 1980 het hul die stoeibeker met Eendrag gedeel.

Die kampioenskappe, wat op 18 Februarie gehou is, word jaarliks aangebied vir die nuweling stoeiers op Stellenbosch. Vanjaar het altesaam 106 stoeiers deelgeneem. Die finale uitslae is soos volg: (posisie; span; punte)

| | | |
|---|---|---|
| 1. | Eiffel-span (Dagbreek) | 33 |
| 2. | Helshoogte | 30 |
| 2. | Dagbreek | 30 |
| 2. | Helderberg | 30 |
| 5. | John Murray (Dagbreek) | 17 |
| 5. | Pieke | 17 |
| 7. | Helderberg B. | 7 |
| 8. | Helshoogte B. | 6 |
| 8. | Elsenburg | 6 |

Die organiseerder, mnr. J. van der Merwe, het 'n beroep gedoen op alle belangstellendes om hom te kontak by die sportkantoor of om André du Plessis by Simonsberg te kontak.

# Elsenburg trek weer sterkste

ELSENBURG het vir die tweede agtereenvolgende jaar in die interkoshuistoutrek gewen.

Agt manskoshuise het Woensdag, 23 Februarie, aan die interkoshuistoutrek deelgeneem. Dagbreek, Wilgenhof, Huis Visser, Helderberg, Eendrag, Medies, Elsenburg en Helshoogte het teen mekaar getrek.

Die kompetisie het in 'n interessante stryd begin ontwikkel, toe Eendrag teen Helshoogte, verlede jaar se naaswenners, begin trek het. Helshoogte het na 'n taai stryd uiteindelik met Eendrag afgereken. Al die koshuise het hard baklei vir 'n oorwinning, maar Elsenburg, verlede jaar se wenners, het met die beker weggestap. Die Elsenburgers se ondersteuners het hulle span na 'n oorwinning toegejuig. Helshoogte was tweede en Huis Visser derde.

Die interkoshuistoutrek het baie nuwe lede vir die Toutrekklub gewerf. Indien daar enige ander belangstellendes is, kan hul vir Gerhard van Eeden by Dagbreek 2388 of vir Anton Rabe by Wilgenhof 2278 kontak.



KOBUS BURGER, 400 m-hekkies atleet van die Universiteit van Stellenbosch in aksie tydens die Boland Bankbyeenkoms op Coetzenburg. Burger het as een van die Westelike Provinsie se voorste hekkieslopers na vore getree toe hy verlede jaar op die SAU-kampioenskappe met 'n tyd van 51,4 tweede geëindig het. Saam met sy spanmaats, die Maties Kobus Dippenaar, Hawie Engels en Gary Cowley oorheers Burger tans die 400 m-hekkies in die Westelike Provinsie.

exclusive books

Boekspesialiste
vir
Algemene of sekondêre
boeke

Beyerstraat 6
(langs Trust Bank-sentrum)
STELLENBOSCH
Tel. 6139







## TERUGFLITS KINEVAL '83



TERUGFLITS KINEVAL '83

